# HOOFSTUK VYF

# VERSKUIWING IN WÊRELDBEELD

## 5.1 Inleiding

Op die pad na ’n nuwe era in die menslike verwoording en bewussyn, bevind die wêreld haarself tans in ’n oorgangstydperk (Pieterse 1993:15; Sweet 1999:76). ’n Nuwe tydvak wat die geskiedenis van die mensdom sal inlei, is huidig aan die ontwikkel weens ’n duidelike veranderende wêreldbeeld (Heitink 1993:49; Burke 2005:95).

Wêreldbeeld kan in die woorde van Romanowski gedefinieer word as ’n lens, ’n model, ’n prentjie of ’n raamwerk bestaande uit fundamentele geloofsisteme waardeur die wêreld sowel as die roeping en toekoms van die mens daarbinne beskou word (Romanowski 2007:59). “Our culture is hurtling into a new future, with little hope and no confidence, asking the deepest questions and finding few answers. We live at the end of an era. We live at the dawn of a new way of life” (Denison 2006:3).

Romanowski praat van hierdie verskuiwing as ’n paradigmaskuif (Romanowski 2007:35; vgl Denison 2006:2; Burke 2005:95). Volgens Romanowski is ’n paradigma ’n algemeen aanvaarbare model met beskrywende potensiaal vir ’n gemeenskap. “When a paradigm becomes so fraught with problems it is unable to resolve, tensions result and eventualy a new model replaces the original – a paradigm shift occurs” (Romanowski 2007:35).

Hierdie ommeswaai in wêreldbeeld vergestalt egter meer as bloot ’n nuwe manier van dink (Tittley 1997:3). ‘n Verskuiwing in wêreldbeeld sluit ‘n fundamentele verandering in terme van waardes en geestelike bewussyn in (Roxburgh 1993:9). ’n Ommeswaai van een stel waardes na ’n ander, ’n totaal nuwe bewuswording van die lewe, met heeltemal nuwe konsepte en metafore waarmee daardie bewuswording verwoord word (Meiring en Joubert 1992:27).

Wat die invloed van hierdie wêreldwye fenomeen op die Suid-Afrikaanse konteks betref, is dit Meiring en Joubert wat hierdie verskuiwing op die volgende wyse onder die aandag bring: “Die praktiese implikasies van die verskuiwing in wêreldbeeld onder verskillende kulturele groeperinge in SA word orals sigbaar” (Meiring en Joubert 1992:24).

Soos Kwok dit verduidelik, bestaan hierdie verskuiwing basies uit twee aspekte: ’n verwerping van waardes wat vir lank as basiese waarhede in die samelewing gefunksioneer het; ’n soeke na alternatiewe waardesisteme wat die samelewing kan transformeer en die nuwe bewussyn van die samelewing van verwoord (Kwok 1998:1).

Alhoewel die kenmerke van hierdie nuwe wêreldbeeld nog ietwat vaag is (Kwok 1998:1) en daar selfs nog nie eens ’n behoorlike naam daarvoor bestaan nie (Niemandt 2007:20), kan dit beslis nie meer geïgnoreer word nie (Pieterse 1993:15). Miskien lê die ongemak met die benaming van hierdie era juis daarin dat die verskuiwing nog nie afgehandel is nie (Niemandt 2007:20).

Vos is egter van mening dat ’n geskikte term om hierdie wêreldbeeld mee te beskryf, moontlik ‘modernisasie’ kan wees (Vos 1995:193). In die modernisasie val die klem op anti-fundamentalisme, die relativering van die tradisie en dogma in die lig van veranderde historiese-, taal- en kultuurkonsepte (Vos 1995:194).

Niemandt noem dit die era wat oor alles van die lewe sê: "'n Mens kan nog meer daaroor sê" (Niemandt 2007:20).

### 5.2 'n Verskuiwing vanaf modernisme na post-modernisme

Bogenoemde verskuiwing in wêreldbeeld staan vandag algemeen bekend as 'n ommeswaai vanaf modernisme na post-modernisme (Sweet 1999:17; Denison 2006:2). Alhoewel die term post-modernisme nie werklik 'n behoorlike beskrywing vir hierdie nuwe bewussyn van die samelewing gee nie, en daar ook nie sekerheid is of dit bloot maar net die oorgang tussen twee wêreldbeelde definieer nie, bly daar in die benaming '*post*-modernisme' steeds die aanduiding van 'n reaksie op die modernisme (Johnston 2001:27; Denison 2006:2).

Waaroor daar wél redelike goeie konsensus is, is die feit dat post-modernisme 'n verwerping van die waardes en dryfkragte van die modernistiese era vergestalt (Johnston 2001:27; Cyzewski 2008:98). Hier word voor die deur van 'n revolusionêre era gestaan wat in opstand kom teen die bestaande modernistiese bewussyn van die wêreld soos dit tot op hede gedefinieer is (Denison 2006:3).

Post-modernisme is veral in reaksie teen die negatiewe gevolge van die oënskynlike vooruitgang van hierdie tegnologiese wêreld (Johnston 2001:27). 'n Ontnugtering in die modernistiese illusie van die menslike vermoëns word goed deur Robinson verwoord: "We began to realise that the very technology which we had relied upon to bring us Utopia, was in fact in danger of destroying the whole earth" (Robinson 1996:30).

Ook Denison onderstreep die gewaarwording van hierdie ontnugtering: "Ours is a culture that feels betrayed by science and abandoned by logic" (Denison 2006:2). Nie alleen het tegnologiese vooruitgang groot prestasies en suksesse meegebring nie, maar behalwe dat dit steeds nie baie van die mees ernstige menslike vraagstukke kon oplos nie, het dit boonop bygedra tot die menslike lyding soos die bedreiging van die algehele vernietiging van die aarde deur kernoorloë, terrorisme, besoedeling en aardverwarming (Johnston 2001:27; McClaren 2007:38).

In die gedagtelyn van McClaren blyk die oorheersende dilemma van die modernisme daarin geleë te wees dat daar 'n 'excessive confidence' in die menslike rasionele vermoëns en tegnologiese vooruitgang geplaas is, wat uiteindelik daartoe aanleiding gegee het dat die wêreld op politiese, ekonomiese, sosiale en selfs godsdienstige terrein diep in die moeilikheid gedompel is (McClaren 2007:36; vgl Raschke 2008:18).

Ongelukkig kan post-modernisme van dieselfde gesindheid beskuldig word as die modernisme, naamlik dat dit 'n reaksionêre beweging is wat op 'n bepaalde negatiewe wyse met die samelewing omgaan. "Now all they do is change the word 'modernism' by adding 'post' to the front of it. But it's still all the same stuff. It's still avoiding, and at the same time attacking, culture" (Detweiler 2005:109).

Post-modernisme, as 'n reaksionêre beweging wat teen hierdie menslike meerderwaardigheid opgestaan het, staan egter die versoeking om gekategoriseer te word, telkens ten sterkste teë (Johnston 2001:24). Vandaar kan dit baie moeilik gedefinieer of beskryf word. Eerder moet post-modernisme aan bepaalde karaktertrekke uitgewys word (Johnston 2001:24).

Post-modernisme is nie in wese ’n filosofiese, teologiese of intellektuele wêreldbeeld soos baie geleerdes vandag wil verklaar nie, maar eerder ’n historiese, sosiale en kulturele verskynsel (Raschke 2008:20; 27). Raschke is van mening dat hierdie verskynsel wat vandag algemeen as post-modernisme bekend staan, ’n globaliserende effek op die wêreldgemeenskap het (Raschke 2008:18), en vandaar verkies hy om eerder van ‘Globopomo’ – oftewel globale post-modernisme – te praat (Raschke 2008:20).

Hierdie globaliserende effek word nie alleen deur ekonomie of kultuur gekenmerk nie (Niemandt 2007:10), maar essensieel verklaar aan die universele wyse waarop binne hierdie nuwe samelewing gekommunikeer word op verbale, visuele en strukturele gebied – ook genoem die wetenskap van ‘semiotics,’ wat as basis die Griekse woord ‘semeion’ het wat met ‘teken’ vertaal kan word (Raschke 2008:28).

### 5.2.1 Aanvang van die post-modernistiese bewussyn

Rondom die begin van die twintigste eeu het die tradisionele modernistiese lewensbeskouing vanweë verskeie faktore begin kwyn, wat terselfdertyd die geboorte van die post-modernisme tot gevolg gehad het (Tittley 1997:1). Veral vanuit die natuurwetenskappe het wetenskaplikes en ander intellektueles na vore getree wat die onwrikbare geloof in die kille objektiewe rasionalisme van die ‘Aufklärung’ ernstig geskud het (Denison 2006:2; vgl Raschke 2008:31).

Einstein se teorie van relatiwiteit het die verligtingswetenskap van Newton en sy tydgenote, aangevuur deur die Aristoteliese vergoddeliking van die menslike logika en rede (Denison 2006:2), geheel en al omver gegooi (Van Tonder 2001:26). Einstein beweer in sy relatiwiteitsteorie dat daar geen objektiewe gesigspunt is nie – alle standpunte is relatief tot tyd en ruimte, en in sekere omstandighede, kan subjektiewe ervaringe selfs die plek van objektiewe metinge

inneem. Selfs tyd en ruimte is nie absolute konsepte nie maar relatief (Van Tonder 2001:26; Bell 2007).

Nietzsche se aanvalle teen die Christendom in die laat negentiende eeu (Fraser 2002:1, 13 en 38), asook sy verwerping van moraliteit en verheffing van die menslike vrye wil, het ook meegehelp om die modernistiese wêreldbeeld af te takel (Van Tonder 2001:26).

Nietzsche verkondig ’n boodskap van die verwerping van die storie van God (Fraser 2002:11) – wat as Nihilisme bekend staan – waarin hy pleit vir ’n mensdom wat moet leer om sonder sy gode en mitiese godsdienstige narratiewe klaar te kom (Nietzsche 1988:342) – ’n ontmitologisering van die menslike bewussyn (Kwok 1998:1; Fraser 2002:27).

Ook Darwin se teorie van evolusie, waarin geteoretiseer word dat natuurlike seleksie die Genesis-narratief vervang, het bygedra tot die ontstaan van ’n post-moderne denkpatroon (Van Tonder 2001:26). Stadig maar seker het hierdie invloede vanuit die natuurwetenskappe begin oorvloei na die kunste en media, wat uiteindelik meegebring het dat die bestaande raamwerk vir die wyse waarop oor kultuur en realiteit nagedink is, radikaal begin verander het (Vos 1995:193).

### 5.2.2 Drie eras van die menslike bewussyn

Drie afsonderlike tydvakke in die mens se hermeneutiese verstaan van sy of haar eie wêreld, en veral soos besondere formatiewe gebeure daardie menslike bewussyn beïnvloed en uiteindelik help vorm het, kan op die volgende wyse grafies opgesom word:

| **Pre-modernisme** (McClaren 2007:35; Barnard 2009:36) | **Modernisme** (McClaren 2007:35; Barnard 2009:36) | **Post-modernisme** (McClaren 2007:35; Barnard 2009:38) |
|---|---|---|
| Middeleeue (Donker eeue - 500-1500 nC) (Tittley 1997:1; Cyzewski 2008:72) | 'Aufklärung'/'Verligting' (Vanaf 17[e] eeu) (Vos 1995:193) 'n Uitvloeisel van die Renaissance in 15[e] eeu | 2 Wêreldoorloë (Vanaf 20[e] eeu) Ontnugtering in die menslike vermoëns (Joubert 2005:6) |
| Primitiewe en naïewe denke (Vos 1995:193) | Kopernikus, Galileo en Newton (Roxburgh 1993:51; Cyzewski 2008:75) | Einstein, Louw Alberts (Relatiwiteitsteorie) (Tittley 1997:1) |
| Bygeloof - fantasie, mites, okkulte (Johnston 2001:25; Denison 2006:2) | Linkerbreingeloof - bevry van die geloof in mites: Nietzsche (Kwok 1998:1) | Heelbreingeloof - bevry van die geloof in die menslike rede (Vos 1995:193) |
| Augustinus: 'Ek glo sodat ek kan verstaan' (Kwok 1998:1) | Descartes: 'Ek verstaan sodat ek kan glo' (Kwok 1998:1) | 'Ek glo sodat ek kan glo' (Sweet 2006:3) |
| Geloof is voorwetenskaplik (Denison 2006:2; Barnard 2009:36) | Dualisme: wetenskap en geloof bots en word van mekaar geskei – Darwin (Roxburgh 1993:53) | Holisme: wetenskap en geloof werk op mekaar in (Schuller 1986:294) |
| Gesagsinstellings word aanvaar as enigste struktuur van waarneming (vgl Barnard 2009:36) | Logika en rede alleen is waarneembaar en meetbaar (Johnston 2001:25; Denison 2006:2; Barnard 2009:36) | Intuïsie en opinie is ook waarneembaar en meetbaar (Roxburgh 1993:112; Barnard 2009:38) |

| Naïewiteit oorheers denkraamwerk (vgl Barnard 2009:36) | Objektiwiteit oorheers denkraamwerk (Van Tonder 2006:21) | Subjektiwiteit oorheers denkraamwerk (Van Tonder 2006:21) |
|---|---|---|
| Jesus: 'Glo is sien' (Joh 11:40; Joh 20:24-29) | Descartes: 'Sien is glo' (Sweet 1999:136; McClaren 2007:38) | Visuele generasie: 'Sien is hoor' (Jensen 2005:23) |
| Geïntegreer met die natuur (Sweet 1999:243) | Gedistansieer van die natuur (Sweet 1999:243) | Geïntegreer met die natuur (Sweet 1999:243) |
| Industriële era (Sweet 1999:245) | Informasie-era (Sweet 1999:146) | Bionomiese era (Sweet 1999:245) |

Binne die komplekse multi-kulturele en multi-rassige Suid-Afrikaanse konteks is dit noodsaaklik om die post-moderne era ook uit te brei na 'n post-koloniale era (McClaren 2007:34; vgl Raschke 2008:24 en Niemandt 2007:24). Om die totale Suid-Afrikaanse konteks oor die een kam van post-modernisme te skeer, kan huidig moeilik volgehou word.

Nie elke kultuurgroep in Suid-Afrika bevind hulleself op die oomblik in die post-modernistiese era nie, weens die feit dat sommige rassegroepe weens Apartheid minder as twee dekades terug nog van die kolonialisme van die wit onderdrukker bevry is en daarom tans in 'n post-koloniale era leef. Meeste van die gemeenskappe en lande wat in die verlede gekoloniseer is, is hoofsaaklik in die suidelike halfrond geleë, wat weereens 'n bewys van die hovaardigheid van die Westerse en Europese 'Verligting' is (vgl Niemandt 2007:24).

Postmodernisme het aldus Pieterse ook ’n eie karakter onder die blanke segment binne Suid-Afrika (Pieterse 2009:251). Verslaentheid oor die verlede en die gepaardgaande ontnugtering weens die radikale politieke en sosiale omwentelinge wat oor die afgelope twee dekades plaasgevind het, en wat veral by baie blanke Afrikaners ’n anti-gesag, anti-historiese en anti-kerklike houding tot gevolg gehad het, het binne die postmodernisme ’n gepaste tydsgees gevind (Pieterse 2009:251).

### 5.2.3 ‘n Vergelyking tussen modernisme en post-modernisme

Roxburgh maak gebruik van twintig verhelderende begrippe waarmee hy die veranderende wêreldbeeld duideliker aandui (Roxburgh 1993:31). Hiermee kan ’n goeie samevatting van die filosofiese verskille tussen modernisme en post-modernisme bewerkstellig word (Van Tonder 2006:20):

| MODERNISME | POST-MODERNISME |
|---|---|
| **1. ‘VERLIGTING’** Ook die ‘Aufklärung’ genoem – ‘n Europese intellektuele beweging van die 17e en 18e eeu wat die menslike rede en logika hoog aanslaan (Johnston 2001:25). Die wetenskap, onder leiding van intellektuele soos Bacon, Descartes, Newton, Galileo en Kopernikus (Dankbaar 1974:165), bevry die mens van bygelowe, mites en irrasionele denke – ontmitologisering (Johnston 2001:24; Denison 2006:2). Die modernistiese era begin met die kwyning van die middeleeue en die geboorte van die ‘Renaissance’ in die 15e eeu asook die industriële revolusie (Denison 2006:2) | **1. ‘DEKONSTRUKSIONISME’** Die post-modernistiese era neem in aanvang rondom die begin van die 20ste eeu, toe die heersende modernistiese lewensbeskouing begin kwyn vanweë die invloed van persone soos Einstein (met sy teorie van relatiwiteit), Nietzsche (met sy kritiese aanvalle teen die Christendom) en Darwin (met sy teorie van die evolusie) wat die waarde van die ‘Verligting’ bevraagteken het. Dekonstruksie beteken ’n herinterpretasie van waarheid – alles is relatief en oop vir ondersoek (Johnston 2001:28; Kwok 1998:1; Sweet 1999:150) |

| | |
|---|---|
| **2. 'FUNDAMENTALISME'** Bloudrukke, strukture, patriargië en hiërargië is van die grootste belang, terwyl gesag, status, titels, orde en tradisie die hoogste agting geniet (Johnston 2001:27) | **2. 'ANTI-FUNDAMENTALISME'** Bloudrukke, strukture, patriargië en hiërargië word verwerp terwyl gesag, status, titels, orde en tradisie geen groot gewig dra nie (Sweet 1999:80) |
| **3. 'NON-RELATIVISME'** Ruimte en tyd is absoluut. Klem word op die waarheid geplaas; reg en verkeerd is objektief; swart en wit is duidelik afgebaken. (Johnston 2001:30) Teks, woord en taal omvat die waarheid (Sweet 1999:149) | **3. 'RELATIVISME'** Ruimte en tyd is nie absoluut nie. Waarheid is relatief; reg en verkeerd is subjektief; die bestaan van grys areas word aanvaar (Johnston 2001:29) Teks, woord en taal is beperk tot eie persepsie (Sweet 1999:149) |
| **4. 'OBJEKTIVISME'** Objektiewe metinge word bó subjektiewe ervaringe gestel. Feite is belangriker as opinie. Objektiewe waarhede bestaan. Logika en rede staan voorop (Johnston 2001:25) | **4. 'SUBJEKTIVISME'** Subjektiewe ervaringe neem die plek van objektiewe metinge in. Opinie is belangriker as feite. Daar is geen objektiewe waarhede nie. Gevoelens en verhoudinge staan voorop (Johnston 2001:31) |
| **5. 'OPTIMISME'** Geloof in die menslike vermoëns en wetenskap word bo alles verhef. Die volkomenheid en voltooidheid van die menslike denke word beklemtoon (Johnston 2001:25; Denison 2006:2) | **5. 'SKEPTISISME'** Die vermoëns van die mens en die wetenskap word bevraagteken. Die onvolkomenheid en onvoltooidheid van die menslike denke word erken (Sweet 1999:47; Johnston 2001:31; Denison 2006:2; McClaren 2007:38) |
| **6. 'NATUURLIK'** Klem val op die natuurlike. Daar is geen ruimte vir realiteite wat die wetenskap nié kan meet nie. Vertroue word alleenlik in die menslike waarnemingsvermoëns gestel. Slegs wat gesien, gevoel en gehoor kan word, is werklik terwyl die res bloot 'n illusie is (Johnston 2001:25) Materie – die sigbare – is die enigste kenbron en alleen werklik (Sweet 1999:151) | **6. 'BONATUURLIK'** Klem val op die bonatuurlike. Ruimte bestaan vir realiteite wat die wetenskap nie kan meet nie, bv die bonatuurlike, trans-rasionele en geestelike dimensies. Vertroue in opinie is belangriker as vertroue in menslike waarneming; intuïsie en verbeelding is ook waarneembaar (Sweet 1999:411; Johnston 2001:119) Die onsigbare is ook 'n kenbron en daarom 'n werklikheid (Sweet 1999:151) |

| | |
|---|---|
| **7. 'RASIONEEL'** Die rasionele word bó die gevoelsmatige gestel. Die rede is absoluut. 'Wat dink jy?' en 'Verstaan jy?' is die vrae van die tyd. Min ruimte vir belewing en intuïsie word gelaat (Sweet 1999:186; 199) | **7. 'EMOSIONEEL'** Die gevoelsmatige word bó die rasionele gestel. Emotiewe belewing is absoluut. 'Hoe voel jy?' en 'Hoe was dit vir jou?' is die vrae van die tyd. Waarheid is nie-rasioneel, selfs intuïtief van aard (Sweet 1999:187; 189; 199) |
| **8. 'EEN-DIMENSIONEEL'** Die werklikheid is eenduidig. Die samelewing is eenvormig, met slegs een dimensie wat geldig kan wees (Vos 1995:194) | **8. 'MEER-DIMENSIONEEL'** Die werklikheid is veelduidig. Die samelewing is gedifferensieerd, met talle dimensies wat geldig kan wees (Pieterse 1993:16) |
| **9. 'DUALISME'** Kompartementalisasie geld. Die verheerliking van individualisme en fragmentasie geniet die hoogste voorrang. 'n Dualistiese benadering tot menswees word gevolg (Jensen 2005:21; 50) | **9. 'HOLISME'** Integrasie geld. Die verheerliking van gemeenskap en die sistemiese ineengeskakeldheid geniet die hoogste voorrang. 'n Holistiese benadering tot menswees word gevolg (Jensen 2005:70) |
| **10. 'POST-MITOLOGIES'** Die rasionele godsdiens word beklemtoon. In die godsdiens gaan dit om die vaste waarheid wat verifieerbaar is (Denison 2006:2). | **10. 'POST-CHRISTELIK'** Die samelewing het die godsdiens ontgroei. In die godsdiens gaan dit om die persoonlike voorkeur wat bloot 'n private saak is (Sweet 1999:45). |

Sweet bring groter klarigheid oor die verskil tussen modernisme en post-modernisme wanneer hy die verskuiwing van die een wêreldbeeld na die ander met die volgende metafore aandui (Sweet 1999:92):

| Modernisme | Post-modernisme |
|---|---|
| Van kritiseer en uitmekaar haal... | ...na vier en optel |
| Van piramide... | ...na pannekoek |
| Van masjien... | ...na tuin |
| Van aanbieding... | ...na deelname |
| Van 'Hier staan ek...' | ...na 'Hier gaan ons' |
| Van gedrukte bladsy... | ...na elektroniese skerm |
| Van woord... | ...na beeld |
| Van beheer... | ...na buite beheer |
| Van outoriteitstrukture... | ...na verhoudingstrukture |
| Van 'Maak dit sin...?' | ...na 'Was dit 'n goeie ervaring?' |
| Van uitnemendheid... | ...na outentiekheid |
| Van prestasie... | ...na egtheid |
| Van hi-fi... | ...na stereo |
| Van illustrasie... | ...na animasie |

Johnston voeg verdere vergelykings tussen modernisme en post-modernisme by (Johnston 2001:27 en 28):

| Modernisme | Post-modernisme |
|---|---|
| Romantiese uitsig op die lewe | Absurde uitsig op die lewe |
| Doelgedrewe | Spelgedrewe |
| Diepte | Oppervlakte |
| Hiërargie | Anargie |
| Spreke | Stilte |
| Afhandeling | Proses |
| Analiseer vanaf afstand | Analiseer deur deelname |

### 5.2.4 'n Verskuiwing in wetenskapsbenadering

'n Post-moderne benadering tot die wetenskap maak dit vandag moontlik om die bonatuurlike dimensie by die wetenskap te betrek sonder om die een of die ander oneer aan te doen of die twee dimensies teenoor mekaar af te speel (Sweet 2006:3). Binne die veld van die kritiese realisme waar ruimte gelaat word vir 'n werklikheid onafhanklik van die mens óf die menslike waarneming, word dit nou moontlik om wetenskap en geloof sinvol met mekaar te laat saamwerk (Pieterse 2006:6).

"Social analysts believe that if some sort of reconciliation between science and religion is not forthcoming, the future of humanity is, at best, precarious" (Sweet 1999:136). "Science can purify religion from error and superstition, and religion can purify science from idolatry and false absolutes. The unprecedented opportunity we have today is for a common interactive relationship in which each dissipline retains it's integrity and yet is radically open to the discoveries and insights of the other" (Sweet 1999:151).

Vanuit die skeppingsleer word die arbeid van die natuurwetenskappe nou eweveel as deel van die voortgaande skeppingsproses gesien waardeur die mens as God se beeld en verteenwoordiger oor die skepping heers (Troeger 2007:65). Van Huyssteen wil uit die verworwenhede van die fundamentele (die modernisme) sowel as die post-fundamentele (die post-modernisme) 'n benadering tot die rasionaliteit en kennisverwerwing ontwikkel wat hy die post-fundamentele benadering noem (Van Huyssteen 1997:4; vgl Pieterse 2006:6). Post-fundamentele teologie wil geloof in God herontdek sonder om die krag van die rede te verontagsaam (Pieterse 2006:6).

Vir só 'n benadering word in hierdie studie gekies, met die uitgangspunt dat die een nooit bó die ander kan staan of deur die ander verdring kan word nie. Sweet sien die saamkom van wetenskap en geloof binne die hedendaagse kultuur van vandag as net so 'n radikale verskynsel soos wat dit voor die 16$^{e}$ eeuse era van rasionaliteit was (Sweet 1999:136).

Hieronder volg 'n uiteensetting van die drie breë wyses waarop die mens vandag poog om die verhouding tussen wetenskap en geloof te verstaan. Aan die een uiterste is daar die swart-en-wit-teologie wat poog om die geloof bó die wetenskap te plaas; aan die ander uiterste is daar die grys teologie wat weer probeer om wetenskap óór die geloof te laat seëvier. 'n Meer gebalanseerde benadering is egter die veelkleurige teologie, waar beide wetenskap en geloof as volwaardige selfstandige dissiplines skouers skuur om dieselfde werklikheid te beskryf:

| **Swart-en-wit-teologie** | **Grys teologie** | **Veelkleurige teologie** |
|---|---|---|
| Vaste waarhede | Relatiewe waarhede | Toetsbare waarhede |
| Finale uitsprake | Voorlopige uitsprake | Geloofsuitsprake |
| Sekerheidsmotief | Twyfelmotief | Worstelmotief |
| Gelowig-duidelik | Ongelowig-soekend | Gelowig-soekend |
| Oordra-geloof | Reaksie-geloof | Groei-geloof |
| Aanvaar alles | Bevraagteken alles | Toets alles |
| Bybel bó wetenskap | Wetenskap bó Bybel | Bybel én wetenskap |
| Bybel het gesag | Wetenskap het gesag | Beide het gesag |
| Bybel is Goddelik | Bybel is menslik | Bybel is beide |
| Bybel is letterlik | Bybel is allegories | Bybel is geloofsboek |

### 5.2.5 Visuele metafore vir die verskuiwing vanuit die filmwêreld

Populêre kunste, soos veral in die medium van film uitgebeeld, bied ’n kragtige perspektief op die huidige wêreld waarin die mens leef (Romanowski 2007:94; 229). Daarmeesaam kan die invloed van hierdie medium nooit onderskat word wanneer dit gaan oor die interaksie tussen mense en veral die dialoog wat plaasvind binne die post-moderne kultuur nie (Romanowski 2007:95).

Romanowski praat hiervan as die kulturele kommunikasie wat deur die populêre kunsmediums tot stand kom (Romanowski 2007:95). Kommunikasie soos hierdie kan juis so suksesvol plaasvind omdat kunstenaars ’n gemeenskaplike taal skep deur simbole, klanke en beelde te gebruik wat menslike denke, emosie en belewenis verwoord. “The popular artworks they create show us what people believe and value” (Romanowski 2007:94).

Verskuiwing vanaf modernisme na post-modernisme kan daarom sekerlik nie meer kragtig uitgebeeld word as vanuit die filmwêreld nie, en veral deur te verwys na twee films wat ’n duidelike paradigmaskuif in die menslike bewussyn oor die afgelope dekade aangedui het: ‘Patch Adams’ (Universal Studios 1999) en ‘Knowing’ (Summit Entertainment 2009).

‘Patch Adams,’ vertel die ware verhaal van Hunter Adams, gespeel deur die akteur Robin Williams, wat as mediese student in konflik kom met die bestaande gesagstrukture van sy mediese fakulteit, wanneer hy humor en pret begin aanwend in die behandeling van pasiënte en telkens die instelling se reëls breek of uitdaag. “It’s all about power and control,” sê hy in reaksie op die gesagstrukture se afwysing van sy vreemde metodes (Universal Studios 1999).

Kritiek wat op sy radikale benadering volg, vloei uit die feit dat hy kwansuis die mediese professie en die titel van mediese dokter belaglik maak deur sy naroptrede. “You don’t fit in; there is standards and codes,” is die beskuldiging wat teen hom ingebring word (Universal Studios 1999).

Adams reageer daarop deur te vra: “Since when has the term ‘doctor’ been treated with so much reverence? I use the term broadly: every human being is a doctor by helping someone else” (Universal Studios 1999). Later voeg hy by: “You can keep me from getting the title and white coat, but you can’t keep me from learning; you can’t keep me from studying” (Universal Studios 1999).

Adams kom in opstand teen die kliniese rasionele behandeling van die siekte los van die mens: “You treat a disease, you win, you loose; you treat a person, you win every time” (Universal Studios 1999). Ook sy verstaan van die dood daag die status quo uit: “What’s wrong with death, sir? Death is not the enemy! Why can’t we treat death with a little bit of humor?” (Universal Studios 1999).

In een van die draaimomente van die film, kom Adams voor ‘n geloofskrisis te staan wanneer sy vriendin tragies sterf, en hy buite in die natuur met God in gesprek tree. Hy beskuldig God van afwesigheid en doelloosheid met sy skepping en sê: “Let’s look at this ‘logically:’ You create man; man suffers enormously. You rested on the seventh day. Perhaps You should have spent that day on compassion” (Universal Studios 1999).

Pleks daarvan dat God aan Adams ‘n rasionele verklaring gee van waarmee Hy besig is, verskyn vlinders (wat vir Adams en sy vriendin groot simboliese betekenis gehad het) skielik op ‘n dramatiese wyse vanuit die niet en oortuig Adams van God se betrokkenheid en empatie. Op hierdie wyse word ’n visuele

metafoor in plaas van 'n rasionele argument aangewend om 'n boodskap van troos en sodoende verandering te bring.

Vanuit bostaande voorbeelde uit die film word dit duidelik dat 'Patch Adams' 'n beskrywende metafoor word van die post-moderne mens se soeke na sin en betekenis in 'n wêreld waar die rasionele vermoëns van die mens sowel as die bestaande gesagstrukture van die samelewing ernstig onder verdenking gekom het. 'Patch Adams' word 'n visuele metafoor vir die 'opstand' van die post-modernisme teen die modernistiese denkpatroon.

'n Tweede visuele metafoor wat op dieselfde tema voortborduur, maar veral die spirituele dimensie van die menslike bewussyn ondersoek, is die film, 'Knowing,' waarin Nicolas Cage die hoofrol speel. Hy vertolk die rol van 'n sterk rasioneel-gerigte astro-fisikus, genaamd professor Kessler, wat vanweë 'n persoonlike stuk seer in sy lewe – sy vrou is ontydig oorlede – in 'n volslae agnostikus verander het.

As dosent aan 'n groot universiteit verkondig hy sy persoonlike teorieë wanneer hy onderskei tussen die twee wyses waarop die mens die natuurlike wêreld interpreteer, naamlik 'Determinism' en 'Randomness' (Summit Entertainment 2009). 'Determinisme' is die teorie dat alle aksies in die natuur tot op hede vanweë agtereenvolgende gebeure en vaste natuurwette tot stand gekom het; alles gebeur dus vir 'n rede en daar is 'n uitgewerkte, ordelike en logiese plan agter alles wat vooraf bepaal is – ook as intelligente ontwerp bekend.

'Toevalligheid,' aan die ander kant van die spektrum, is die teorie dat alles bloot die resultaat van 'n komplekse kettingreaksie van chemiese ongelukke en biologiese mutasies is; deel van die een kans uit tien miljoen moontlikhede dat die

aarde presies net die korrekte afstand van die son sou ontwikkel en teen die spesifieke graduent sou draai om lewe moontlik te maak (vgl Bell 2007).

Professor Kessler kies dan uiteraard self vir die tweede teorie waarmee hy die bestaan van alles interpreteer, en sodoende troos vind te midde van die sinneloosheid van sy vrou se dood. In die film sê hy dan ook tydens een van sy lesings: “There is no grand meaning. There’s no purpose. I think .... just happens...” (Summit Entertainment 2009).

Sy opinie begin egter drasties verander wanneer sy seun ’n brief vanuit ’n tydkapsule huis toe bring waarop ’n skooldogter vyftig jaar gelede onder bizarre omstandighede ’n klomp syfers neergeskryf het. Hy ontsyfer die brief en ontdek tot sy skok dat dit na datums, koördinate en sterftesyfers verwys van ongelukke oor die afgelope vyftig jaar waarin baie mense tragies gesterf het. Tot sy ontnugtering kom hy agter dat van hierdie datums nog in die toekoms lê, en dat die laaste datum op die brief die vernietiging van die totale aarde voorspel.

Tot op hierdie stadium van die film speel die rasionele nog die oorheersende rol en poog hy om alles op ’n streng natuurwetenskaplike wyse te verklaar. Sy totale verwysingsraamwerk word egter tot in die fondamente geskud, wanneer die film in die laaste tien minute ’n radikale sprong maak vanaf die rasionele na die bonatuurlike dimensie, en hy met wesens van ’n ander planeet gekonfronteer word wat net soos met Noag en die ark van ouds, op die aarde arriveer en pare van alle spesies met hulle ruimtevaartuie saamneem na ’n nuwe geskikte planeet waar die lewende wesens van planeet aarde van vooraf ’n bestaan kan maak.

In ‘Knowing’ word die kyker dus gekonfronteer met die moontlikheid van intelligente lewe op ander planete, maar selfs nog dieper, met moontlikhede wat buite die menslike rasionele verklaar kan word en selfs bonatuurlike spirituele

dimensies kan open. Op hierdie wyse word 'Knowing' 'n visuele metafoor van die verskuiwing besonderlik op die gebied van die ontsluiting van die geestelike bewussyn binne die post-modernisme.

### 5.2.6 Vyf visuele metafore vir die verstaan van die huidige konteks

Binne die kerklike konteks van die praktiese teologie, en veral die liturgie en homiletiek, behels hierdie studie 'n omskakeling na 'n visueelgedrewe verstaan van die werklikheid. Nuwe metafore wat kan help om die nuwe wêreld te interpreteer, sal daarom ontwikkel moet word. Om hierby uit te kom, kan die volgende gepaste metafore 'n kragtige rol vervul:

1. 'n Nuwe verstaan van die gemeente:

*Trein* na *Tuin.*




<u>Modernisme</u> sien die kerk as 'n meganisme – 'n goed-geoliede masjien met strukture, orde, beheer en kontrole (Zander 2006; Sweet 1999:92). Binne hierdie kerkbegrip funksioneer sterk organisatoriese maatstawwe,

besigheidsbeginsels, programme en resepte waarmee die instituut in stand gehou en uitgebou word (Niemandt 2007:21).

Kerkwees word beskou as 'n masjien wat emosieloos en ordelik-geprogrammeerd hardloop (Sweet 1999:111) gekenmerk deur eenvormige standaarde (Niemandt 2007:21). As deel van hierdie meganiese verstaan van kerkwees, leef die teologiese herder-kudde-model, waar die leierskorps die gesag dra en die ritme aangee (Sweet 1999:296). Kerklike strukture en beginsels is belangriker as verhoudinge en mense (Niemandt 2007:21).

Post-modernisme sien die kerk as 'n lewende organisme (Woodbridge 2007:1; Cicero 2005:43) – dinamies, misterieus en buite algehele menslike beheer (Zander 2006). Hier is 'n groter gemak met chaos en minder beheer (Niemandt 2007:21).

Sowel Sweet as Cicero beskryf hierdie organisme as 'n tuin (Sweet 1999:92; Cicero 2005:43 en 44). In die konsep van die tuin gaan dit om 'n lewende organisme wat die heeltyd beweeg en nooit konstant of vas is nie. Mense en verhoudinge – gemeenskap – staan in die sentrum (Johnston 2001:54; Niemandt 2007:21). Netwerke en gemeenskappe eerder as programme en strukture staan voorop (Niemandt 2007:22).

Waar die kerk as organisme gesien word, verkry die predikant nou ook 'n nuwe rol, naamlik dié van 'n afrigter (Sweet 1999:296). 'n Gepaste model wat die kerk as organisme onderskryf is die liggaam-van-Christus-model. Hieronder volg 'n vergelyking tussen die herder-kudde-model en die liggaam-van-Christus-model (vgl Niemandt 2007:157 en Barnard 2009:72):

| ‘Herder-kudde-model’ | ‘Liggaam-van-Christus-model’ |
|---|---|
| Predikant is bedienaar van lidmate | Lidmate bedien mekaar |
| Predikant staan in die sentrum | Lidmate staan in die sentrum |
| ‘Die kerk’ is ‘n stagnante organisasie | ‘Die kerk’ is ‘n lewende organisme |
| ‘Die kerk’ is ‘n instituut of instansie | ‘Die kerk’ is ménse |
| ‘Die kerk’ moet in stand gehou word | ‘Die kerk’ moet na buite beweeg |
| ‘Die kerk’ bestaan twv haarself | ‘Die kerk’ bestaan twv die wêreld |
| ‘Die kerk’ moet my bedien/tevrede hou | ‘Die kerk’ is eksélf wat moet dien |
| Sekere mense het ‘n taak in ‘die kerk’ | Almal het ‘n taak in ‘die kerk’ |
| ‘Ou lidmate’ is die primêre fokus | ‘Soekers’ is die primêre fokus |
| Slegs bestaande lidmate word bedien | Nie-lidmate word gesoek en bedien |
| Gemeentegetalle stagneer | Gemeentegetalle neem toe |

2. ‘n Nuwe verstaan van die erediens:

*Program* na *Proses*.




Modernisme glo in formele gestruktureerde agendas en liturgieë, is sterk programgerig (Niemandt 2007:21) en werk logies-beredeneerd van A tot Z (Roxburgh 1993:31). Liniêre denke (Barnard 2009:184) lei onafwendbaar na liniêre liturgieë (Sweet 1999:206) en duidelik-afgebakende drie-puntpreke (Johnston 2001:143; Jensen 2005:125). Sweet verwys daarna as

die “Aristotelian logic that connects cause and effect in straight lines” (Sweet 1999:206). Eredienste word strak en noukeurig beplan en is liniêr met ‘n vasgestelde verloop en logiese opeenvolging van gebeure (Niemandt 2007:116). Modernisme fokus sterk op uitkoms (Miller 2004:61).

Post-modernisme glo in informele ‘happenings’ – gebeure wat veelvlakkig (Sweet 1999:27) as opgehoopte narratiewe (Sweet 1999:207) en mensgerig vloei. Die erediens is volgens Brittz (2007:DVD 1) ‘n ‘event:’ vol drama (Long 2001:48), belewing (Sweet 1999:189; 2006:4), afwisseling (Van Tonder 2006:101), vloeiendheid (Sweet 1999:81), betrokkenheid (Sweet 2006:4), emosie (Sweet 1999:187), humor (Johnston 2001:167) en beslis nié ‘n ruimte bloot vir stilsit en luister nie (Zander 2006). Post-modernisme fokus op proses eerder as uitkoms (Miller 2004:61).

Post-moderne ontmoetings is reise gevul met sirkulêre beweging “where causes become effects and effects become causes” (Sweet 1999:206). Post-moderne mense kan nie op ‘n reguit lyn dink nie omdat die visuele media so non-liniêr kommunikeer (Sweet 1999:207).


MTV-videos sowel as films en TV-reekse doen weg met die konvensionele liniêre narratief en skep drie-minute nie-kontinue parallelle stories wat meer op belewing as plot en substansie konsentreer (Romanowski 2007:129).

Post-moderne eredienste geskied soos negentig persent van die lewe eerder non-liniêr; daar is ’n organiese vloei in die aanbidding en mense word op so ’n wyse betrek om aan die erediens deel te neem dat die uiteinde anders kan wees as wat beplan is (Niemandt 2007:116).

3. ‘n Nuwe verstaan van die preek:

*Uitroepteken* na *Vraagteken*.

**Uitroepteken na Vraagteken**



<u>Modernisme</u> praat met uitroeptekens: alles is klinkklaar en duidelik, mense gee maklik antwoorde, praat met gesag en selfs met mag op ‘n feitelike, linkerbreingerigte, logiese en beredeneerde wyse (Tittley 1997:2).

Modernistiese prediking se rol word verstaan as antwoorde verskaf (Johnston 2001:152). Modernisme werk met duidelike lyne waar alles seker en gestruktureerd is (Zander 2006). Alles is vas, soos byvoorbeeld duidelik binne die natuurwetenskappe gesien word.

‘n Goeie resente voorbeeld van waarom hierdie vastigheid selfs in die natuurwetenskappe egter vandag bevraagteken word, was die heel onlangse ontdekking van ‘n nuwe planeet binne die sonnestelsel, nadat daar vir dekades met oortuiging geglo is dat die sonnestelsel slegs nege planete bevat.

‘n Verdere voorbeeld lê in die klassifikasie van Pluto in 2006 as ‘n dwergplaneet, wat beteken dat daar toe al die tyd slegs agt planete binne die sonnestelsel was, en nie nege soos vir baie jare met groot gesag en sekerheid verkondig is nie (Fascinating facts 2007:18).

’n Resente ontwikkeling in die natuurwetenskappe wat die Newtoniaanse oorsaak-en-gevolg-logika net soos Albert Einstein se relatiwiteitsteorie radikaal omvergegooi het, is die ontdekkings van die kwantum-fisika wat met die kleinste moontlike eenhede van energie in atome werk (Bell 2007).

Wetenskaplikes het ontdek dat die partikels van atome geheel en al onvoorspelbaar optree en ooglopend nie binne die gewone natuurreëls reageer nie. Kwantum-fisika het die Newtoniaanse oorsaak-en-gevolg-teorie geheel en al omvergegooi (Bell 2007).

Hoe vas is wetenskap dus werklik? Hoe vas is enigiets dan wat enigiemand sê? Alles staan daarom binne die post-modernisme sterk onder verdenking (Janse van Rensburg 2003:15).

<u>Post-modernisme</u> praat vir hierdie rede eerder met vraagtekens: alles is nie so vas en simplisties nie; mense gee nie so maklik oplossings en antwoorde nie; oop-einde prediking vind daarom groot aanklank (Wagner-Ferreira 2005:52). Daar word met minder gesag en oortuiging gepraat.

Post-modernisme vervaag die eens duidelike lyne van die modernisme, soos die lyn tussen storie hoor en storie wees, die lyn tussen verhoog en sitplekke, die lyn tussen duidelike sekerhede en onduidelike onsekerhede, die lyn tussen kreatiewe kuns wat ’n punt ondersteun en kreatiewe kuns wat

‘n punt uitdaag, die lyn tussen prediker as leraar en die gemeente as leraars, en die lyn tussen geestelike en sekulêre dinge (Zander 2006).

‘n Preek sluit dikwels eerder met ‘n vraag as ‘n antwoord af: “Reorient your thinking from believing that the role of the sermon is to give answers, when really it’s to raise the right questions” (Johnston 2001:152). Prediking is dus dialogies van aard om die hoorder/kyker deel te maak van die gesprek (Johnston 2001:152; Vos en Pieterse 1997:20).

‘n Erediens is meer as dialoog, maar liewer trialoog: ‘n gesprek tussen my en God, maar ook tussen my en jou. Post-moderne prediking kom daarom tot minder konklusies en open meer moontlikhede (Sweet 1999:215).

Prediking is dus nie ‘n monoloog nie, maar eerder ’n stereoloog (vgl Jensen 2005:85; Sweet 1999:162 en 163) omdat teologiese gesprekke oral en onder almal plaasvind: bekendes, skrywers, verslaggewers, in briewekolomme, op die Internet en radio. Gesprek vind plaas tussen mense as gelykes; die prediker het ook net ‘n opinie; deelname is essensieel: ‘Ek wil graag met jou praat oor my vrae. Gee my ook kans om my sê te sê’ (Zander 2006).


Sweet wil nie die preek op modernistiese wyse as ’n induktiewe narratief (ná die punt) of deduktiewe narratief (ván die punt) verstaan nie, maar liewer op ’n post-modernistiese wyse as ’n abduktiewe narratief (Sweet 1999:206). Hiermee bedoel hy ’n opgehoopte, nie-liniêre beeldgebaseerde narratief.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. ‘n Nuwe verstaan van die prediker:

*Superman* na *Shrek*.

**Superman na Shrek**



<u>Modernisme</u> se helde is sterk, gesagvol, onaantasbaar, bo-menslik, sonder oënskynlike gebreke of tekortkominge, betiteld, dinamies en seker van hulleself en hulle saak (Zander 2006). Met groot selfvertrou en menslike optimisme kom hierdie helde bykans as onfeilbaar en hoogs betroubaar oor (Johnston 2001:25).

Uiteraard bring dit ook mee dat hierdie helde op ’n verhoog geplaas word waar hulle onaantasbaar en van ’n afstand af funksioneer (Massey 2002:1); kontak met die gehoor is beperk en oneg weens die verhewendheid van die persoon (Johnston 2001:66).

Selfs die taal van die held is verhewe en wêreldvreemd (Massey 2002:2), terwyl die oordragstyl van die held dikwels krities, veroordelend en kragdadig oorkom (Johnston 2001:66; vgl Niemandt 2007:157).

Post-modernisme se helde is nederig, menslik, eerlik, broos (Massey 2002:2) en 'doodgewoon soos ek' (Miller 2006) – daarin lê hulle geloofwaardigheid: in die erkentenis dat hulle ook worstel en twyfel (Johnston 2001:111).


Post-moderne mense wil nie hoor: 'Sonder twyfel' of 'Ek's oortuig daarvan' nie – vir hulle beteken dit dat die prediker nie krities nadink nie: 'Dink jy dan nie? Hoe kan ek jou dan glo?' (Zander 2006).

Post-moderne mense wil nie hoor: 'Dit is hoe dit is' nie, want niks is vir hulle vas of in beton gegiet nie. Post-moderne helde se etos en patos is van net soveel belang as hulle logos (Johnston 2001:67). Hulle het die vermoë om met die hoorder/kyker te konnekteer op 'n innige en egte wyse (Denison 2006:13).

5. 'n Nuwe verstaan van die teks:

*Gutenberg* na *Google*.

**Gutenberg na Google**



Modernisme se gesag lê in die gedrukte teks: swart op wit, finaal en objektief (Niemandt 2007:19 en 20). Vir Willingham is hierdie verskuiwing van 'n orale kultuur na 'n tekskultuur nie 'n nuwe filosofie in die wêreld van kommunikasie nie, maar is die evangelie reeds oor al die eeue op kultureel-toepaslike wyses oorgedra (Willingham 2007:1). So het die vroeë kerk byvoorbeeld grootliks van die orale narratiewe styl gebruik gemaak wat met gelykenisse en illustrasies besprinkel was.

In die 15de eeu het die drukpers die intellektuele vure aangejaag wat tot die era van die 'Verligting' aanleiding gegee het (vgl Niemandt 2007:19 en 20). Hierdie informasie-herlewing het tot 'n nuwe waardering van die kuns en literatuur gelei wat uiteindelik in ons eie tyd binne 'n multi-sensoriese kultuur gestalte verkry het (Willingham 2007:2).

Post-modernisme se gesag lê in die elektroniese teks: dit is veranderbaar, voorlopig, subjektief en deelnemend (Sweet 1999:32; 206). So byvoorbeeld het die verskeie vertalings van die Bybel wat in die afgelope dekades verskyn het, die gedagte van een finale gesagvolle teks onder verdenking gebring; selfs die Bybel is nou op die selfoon beskikbaar. Die elektroniese teks is resent en onmiddelik, waar die gedrukte teks reeds verouder is sodra dit verskyn.

Ook die 'Liedboekfase' van die kerk is verby – die liedereskat word van oral aangevul en bly nooit vas nie, terwyl elke gemeente se talentvolle digters self liedere skryf, wat deur plaaslike musici en liturge self geselekteer en beoordeel word. Wikipedia, die elektroniese ensiklopedie van die Internet, groei aanhoudend en is nooit staties of finaal afgehandel nie.

Johnston gebruik bykans ’n gelyksoortige beeld wanneer hy illustreer hoe die hedendaagse samelewing Gutenberg vir Spielberg ingeruil het (Johnston 2001:48). ‘Time,’ die internasionale en invloedryke tydskrif, het Gutenberg as die persoon van die vorige millenium aangewys vir sy revolusionêre uitvinding van die drukpers.

Op dieselfde trant het die tydskrif ’n meningspeiling onderneem waarin gepoog is om te bepaal wie die mees invloedryke ‘Boomer’ in die wêreld is, en Steven Spielberg – die meester beeldskepper en storieverteller van die filmwêreld, het die meeste stemme ontvang (Johnston 2001:48).

‘n Metafoor wat hierdie omskakeling net so duidelik weergee, is die beeld van Sweet wat teks (woord) en skerm (beeld) gebruik om ’n nuwe kultuur te definieer, naamlik die kultuur van die skerm (Sweet 1999:32). ’n Modernistiese era het die mens teksvaardig gemaak met die boek as die hoofikoon; ’n Post-modernistiese era maak die mens ligvaardig met die skerm as die hoofikoon (Sweet 1999:32).

Deur middel van bostaande vyf teenstellende beelde as visuele metafore van die verskuiwing in wêreldbeeld, gaan binne hierdie studie gepoog word om tot ‘n nuwe verstaan te kom van die beeldgedrewe kultuur waarbinne die visuele geslagte funksioneer. Juis word vir hierdie visuele metafore gekies omdat dit die waarde van die visuele kommunikasie en in besonder die visuele metafoor ondersteun deur die sigtelike sintuig aan te wend om tot verstaan te kom van die huidige konteks.

## 5.3 ‘n Verskuiwing van woord na beeld

“Christianity is now undergoing visual methamorphosis. A course in methaphor is as important a part of a preacher’s education as a course in exegesis or church history” (Sweet 1999:200). Met hierdie woorde lui Sweet die dramatiese omwenteling in wat oor die afgelope paar dekades binne die kommunikasiewese plaasgevind het.

In die modernistiewe wêreld, het predikers woorde geëksegetiseer om punte te maak; in die post-modernistiese wêreld sal predikers moet leer om beelde te eksegetiseer sodat ervaringe geskep kan word (Sweet 1999:200; Denison 2006:74). “To preach like we were trained to preach, with exegesis and analysis and application, will not cut it” (Denison 2006:xi; vgl Thompson 2008:62 en 63).

Post-moderniste verkies om met beeld en simbole bó rede en logika te werk (Denison 2006:xi). Om egter die post-moderne konteks te verstaan waarbinne vandag gepreek moet word, is dit eerstens nodig om die historiese verloop in die menslike bewussyn wat hierdie nuwe wêreld vooruitgeloop en uiteindelik tot stand gebring het, na te speur.

### 5.3.1 ‘n Historiese inbedding vir die verskuiwing van woord na beeld

Plato was die groot invloedryke filosoof wat met ’n duidelike dualisme gewerk het deurdat hy twee wêrelde van menslike bewussyn onderskei het (Falzon 2002:60 en 61; vgl Heyns 1974:12 en Campbell 1981:19): aan die een kant was daar die wêreld van die sintuie wat deur middel van sig, reuk, tas, gehoor en smaak ervaar kan word.

Aan die ander kant was daar die wêreld van die rede en die rasionele wat binne die dimensie van idees en vorme funksioneer (Heyns 1974:14; Jensen 2005:68; vgl Jonker 1977:26; Murphy 2006:12) – idees en vorme was vir hom realiteite wat nié deur die menslike sintuie waargeneem kan word nie (Heyns 1974:13; Burtt 1951:45).

Vir Plato was die sintuiglike wêreld ondergeskik aan die rasionele wêreld, aangesien eersgenoemde onstabiel en veranderbaar was terwyl laasgenoemde vas en onveranderlik was, en daarom as die éintlike realiteit funksioneer (Heyns 1974:13; Jensen 2005:68; Murphy 2006:12). Alleenlik deur die rede kon begrip van die werklikheid in die denke van Plato binnegedring word (Burtt 1951:45; vgl Campbell 1981:19 en Ross 1923:24).

Hiermee was die tafel gedek vir die wantroue in die menslike sintuiglike waarnemingsvermoëns (vgl Sweet 1999:202; Falzon 2002:33). Die rasionele was beskou as superieur tot die liggaam; die interne gedagteprosesse superieur tot die eksterne verhoudinge; die oor superieur tot die oog (Falzon 2002:61; Jensen 2005:69). Binne Plato se denke was die woord wat op die rasionele vlak gespeel het, die oorheersende medium van die kommunikatiewe prosesse.

Aristoteles het egter ’n holistiese rigting ingeslaan in sy verstaan van die werklikheid (Ross 1923:132; Jensen 2005:69). In sy denke het hy nooit die dualistiese konseptualisering van die realiteit aanvaar nie (Ross 1923:132; Murphy 2006:13).

Vir Aristoteles moes die wêreld van sintuiglike belewing nooit afgespeel word nie, aangesien dit die éintlike werklikheid is. Vorme en idees word ingebed binne die objekte wat sintuiglik waargeneem word en die kennis van die werklikheid kom van die refleksie oor sintuiglike persepsie (Jensen 2005:70).

Vir Aristoteles was daar op die kommunikatiewe vlak drie paaie na die menslike wil:

1. Die patetiese – met verwysing na die patos – oftewel die appèl wat op die hoorder se emosies deur middel van byvoorbeeld narratiewe gemaak word (Johnston 2001:66; Denison 2006:11; vgl Ross 1923:270 en Oskamp en Geel 1999:175).

2. Die logiese – met verwysing na die logos – oftewel die appèl wat met woorde op die hoorder se intellek deur middel van byvoorbeeld logiese argumente of feite gemaak word (Johnston 2001:66; Denison 2006:11; vgl Ross 1923:271).

3. Die etiese – met verwysing na die etos – oftewel die appèl wat op die hoorder se gesindheid gemaak word weens die verhouding wat hy of sy met die spreker ontwikkel deur middel van byvoorbeeld charisma of humor; dit is ook die motief van die spreker genoem (Johnston 2001:66; Denison 2006:11; vgl Ross 1923:273).

Hierdie Aristoteliese drie-deling van die retoriek het die basis geword waarop oor die verskuiwing vanaf ’n modernistiese kommunikasieproses na ’n post-modernistiese kommunikasieproses nagedink sou word (Johnston 2001:66; vgl Oskamp en Geel 1999:175).

Westerse logisisme het egter tot dusver vanuit die Griekse Aristoteliese filosofie steeds meegebring dat menslike taal tot die skriftelike en retoriese alfabet beperk is, sonder om die omvattende rykdom van die sigtelike dimensie werklik raak te sien en na behore aan te wend (Raschke 2008:67).

### 5.3.2 'n Kommunikatiewe eis vir méér as net die woord

Vir die modernistiese hoorder was prediking niks anders nie as die era van die logos, terwyl die post-modernistiese hoorder prediking uitbrei om ook die etos en patos in te sluit (Johnston 2001:66). Miller ondersteun hierdie kommunikasie-eis vir al drie die elemente binne post-moderne kommunikasie: "If the speaker's ethos is corrupt, then the logos will be self-seeking and the pathos of the audience will render them feeling tricked or deceived. If the speaker's ethos is sterling but the logos is not well developed, the pathos will be rendered suspect. If any portion of the Aristotelian triad is weak or incorrect, the communique will be spoiled" (Miller 1994:146).

Johnston meen dat die kommunikasietaak groter is as die blote gebruik of keuse van woorde (Johnston 2001:66). "Communication is the reception of words and perceptions by the listener on a cognitive, intuitive and emotional level" (Johnston 2001:66). Modernistiese kommunikeerders is egter geleer om die logika bó die ander dimensies te stel (Denison 2006:11).

"Logos, the appeal to the intelligence, is essential. It is also overrated" (Denison 2006:11). Sweet pleit vir die plek van die mite binne die post-moderne kultuur: "We must go beyond those who decry myth as illogical" (Sweet 1999:202) en onderstreep dat die onderskeid tussen mutos (mite) en logos (logika) 'n fiktiewe skepping van die Griekse filosofie was (Sweet 1999:203).

Wanneer Sweet die visuele konteks beskryf, is dit geensins om 'n saak uit te maak vir die Romantiese era bó die era van die Verligting nie, maar om die dualistiese onderskeid tussen rede en emosie, tussen mutos en logos ten sterkste te verwerp (Sweet 1999:202).

Appèl op die emosies het krag wat argument en feit nooit sal kan hê nie (Denison 2006:13). Wat nodig is vir kommunikasie aan die post-moderne mens, is daarom ’n balans tussen logos, etos en patos, waar al drie hierdie dimensies meewerk om die mens in totaliteit aan te spreek (Denison 2006:17).

“Dit is uiters jammer dat ons so lank alleen klem gelê het op die regte leer en die omskrywing (kognitief) van die waarheid waarin ons glo ten opsigte van die evangelie. Daardeur het die emosionele kant, die beleweniskant en die kontak met die geheimeniskant van God minder klem gekry” (Vos en Pieterse 1997:112).

Prediking het vir Jensen drie basiese vorme: denke in idee, denke in storie en denke in beeld (Jensen 2005:5). Hy bepleit die visuele prediking wat veral met die derde vorm van prediking te make het, aangesien vandag se kerkgangers, wat deur multimedia-kommunikasie gevorm is, geleer is om met oë en ore gesamentlik te dink en te leer (Jensen 2005:5).

Jensen kies egter nooit vir die subjektiewe beeld óór die objektiewe woord nie, maar pleit vir ’n komplementêre samewerking tussen beeld en woord (Jensen 2005:74). Miles ondersteun sy pleidooi wanneer sy argumenteer vir ’n gelykheid tussen beeld en woord (Miles 1985:36). Sy spel ’n duidelike rol vir beide woord en beeld uit wat steeds ’n kreatiewe spanning tussen die twee dimensies veronderstel (Miles 1985:145).

In die woorde van Dyrness word dieselfde pleitspraak gehoor: “Christians should not play the visual against the verbal” (Dyrness 2001:156). Sweet gebruik die metafoor van ‘n mengbord wanneer hy probeer verduidelik hoe die post-moderne bediening beeld en woord moet integreer om ‘n ‘blended’ kommunikasie te bewerkstellig (Sweet 1999:172; vgl De Gruchy 2009:196).

’n Antieke Chinese gesegde beskryf hierdie interaksie en balans tussen woord en beeld goed raak: “In every poem there is a picture; in every picture there is a poem” (Jensen 2005:77). In hierdie studie word gewag gemaak van die kohesie wat tussen beeld en woord binne post-moderne prediking moet bestaan ter wille van die kommunikasie-eis van die hedendaagse hoorder/kyker.

### 5.3.3 ’n Beeldgedrewe konteks

Vandag se wêreld het duidelik beweeg vanaf ’n literêre kultuur na ’n media-kultuur (Johnston 2001:48). Pagitt noem dit ‘n beeld-gebaseerde kultuur (Pagitt 2005:87). Visuele multimedia domineer tans die wyse waarop mense gedagtes formuleer en idees in die openbaar bespreek. Sweet beskryf hierdie verskuiwing met die metafore van teks – woord – na skerm – beeld (Sweet 1999:32).

Post-moderne kultuur verskuif vanaf druk-gebaseerde bronne van informasie en vermaak na elektroniese kuberbronne (Sweet 1999:87). Alhoewel die gedrukte media nie verdwyn soos in die verlede al voorspel is nie (Sweet 1999:87) is die soort boeke wat mense vandag lees heelwat anders: baie van hulle begin as films (Sweet 1999:88). Hierdie verskynsel bevestig die geweldige invloed van die visuele media in die hedendaagse samelewing (vgl Garrety 2005:90).

Iemand wat vandag in New York woon, kan tot agt-duisend advertensie-boodskappe per dag sien (Sweet 1999:77; vgl Lischer 2005:13). ’n Gemiddelde hedendaagse verbruiker sal meer as een miljoen bemarkingsboodskappe in ’n jaar sien – bykans drie-duisend per dag (Sweet 1999:112).

In China besit vier-en-tagtig persone ’n TV in vergelyking met slegs een persoon wat warm lopende water het; in die VSA het meer huishoudings TV’s as wat daar huishoudings met lopende water of toilette bestaan; drie-en-negentig persent van

gesinne wat amptelik as behoeftig geklassifiseer word, besit steeds kleur-TV's (Sweet 1999:85). 'n Gemiddelde TV-kyker kan tot agt volle jaar van sy of haar lewe aan die TV spandeer – naas slaap en werk die aktiwiteit wat die meeste tyd in beslag neem (Sweet 1999:192).

In vandag se post-moderne samelewing is daar groter ruimte vir die pluralisme van die menslike denke as voorheen, en daarom skakel die visuele beeld so goed daarby in (Jensen 2005:74; Burke 2005:94). Beeld se waarde lê juis daarin dat die waarheid wat daarin vervat word subjektief van aard is – 'n gedagte waarmee post-moderne denke heel gemaklik is – terwyl idee en vorm altyd enkelvoudig in betekenis is en dus die modernistiese denkpatroon beter pas (Jensen 2005:74).

As deel van die dekonstruksie-beweging van die post-modernisme (Burke 2005:94), is die invloed van die geskrewe woord oor die afgelope dekades ernstig onderspeel (Johnston 2001:48). Hiervolgens het woorde geen werklike betekenis nie (Sweet 1999:149) terwyl beeld die kyker los met indrukke en uiteindelik toelaat om 'n eie interpretasie te konstrueer (Jensen 2005:136). Deur die medium van die TV is hierdie post-moderne etos van subjektiwiteit ondersteun en selfs tot stand gehelp bring (Johnston 2001:48).

### 5.3.4 'n Beeldgedrewe roeping vir die kerk

'n Antieke Chinese gesegde onderstreep die krag van die beeld binne die menslike bewussyn: "One hundred words of hearing are not as powerful as one image for seeing" (Jensen 2005:78). Aristoteles het al gesê: "The soul never thinks without a mental picture" (vgl Sweet 1999:202). Vir die post-moderne mens om te kan hoor en verstaan, moet hy of sy eers sien (Garrety 2005:90).

Ongelukkig was die kerk baie stadig om in lyn te kom met die post-moderne kultuur se voorkeur van die persepsuele bó die konsepsuele, veral weens die Protestantse modernistiese bevooroordeeldheid en selfs aversie teenoor die visuele (Sweet 1999:202; Jensen 2005:140; vgl Lischer 2005:24 en 25). Hierdie selfde negatiwiteit het egter ook bestaan teenoor die narratief (Sweet 1999:424), die metafoor (Sweet 1999:200) sowel as die menslike verbeelding (Troeger 2007:61).

Vandag is die uitdaging van die kerk selfs groter as voorheen om mense te help sin maak uit hulle konteks. "If we don't do it, the media will (and indeed already is doing it)" (Sweet 1999:126). Alleenlik sal die kerk 'n rol in die nuwe wêreld te speel kan hê indien dit in die media teenwoordig is (vgl Detweiler 2005:91). "To be without media presence is to be voiceless and powerless in post-modern culture" (Sweet 1999:156).

## 5.4 Samevatting

Hedendaagse post-moderne kultuur is 'n beeldgedrewe kultuur waar die visuele sig-metafoor van die grootste belang is (Pagitt 2005:87). Dit is Johnston wat die predikers van die Christelike kerk oproep om die tegnologie van die post-moderne era krities te omarm: "I would opt to critically engage society using it's own images and technology" (Johnston 2001:164; vgl Detweiler 2005:91).

Romanowski sluit by hierdie standpunt aan in verwysing na die populêre media: "I argue that we need to act as people of faith descerning perspectives in these presentations of life in God's world" (Romanowski 2007:18). Ook hy pleit daarom vir 'n kritiese benadering tot die populêre kunste sodat die sinvolheid daarvan ook vir die kerklike gemeenskap ontgin kan word, terwyl die evangelieroeping en koninkryksperspektief van die kerk steeds ernstig opgeneem word (Romanowski 2007:23; vgl Detweiler 2005:98).

Met die bewuswording van die beeldgedrewe roeping van die kerk en in besonder die homiletiek, kom hierdie studie nou te staan voor die volgende vraagstuk: hoe kan die kerk en veral die prediking, hierdie verskuiwing op ’n krities-verantwoordbare wyse akkommodeer sonder om die hart van die evangelie en die vertroue in die Woord van God verlore te laat gaan? (Johnston 2001:61; vgl Lischer 2005:41).

In die volgende hoofstuk gaan gepoog word om op ‘n prakties-teologiese wyse ‘n teologiese begronding te vestig wat as basis kan dien waarmee verantwoordelike interaksie met die visuele sigmedium tot stand kan kom. Rondom sentrale dimensies van die visuele metafoor, sal ‘n Skriftuurlike fondasie tot stand gebring word wat die fondament vir die aanwending daarvan binne die homiletiek kan verskaf.

# HOOFSTUK SES

# PRAKTIES-TEOLOGIESE RIGLYNE VIR VISUELE PREDIKING

## 6.1 Inleiding

Om op ‘n krities-verantwoordelike wyse met die post-moderne mediums van die multimedia om te gaan, is die formidabele uitdaging van vandag se homiletiese arbeid (vgl Lischer 2005:41). Beide die kunste sowel as die populêre filmmedia is immers steeds kragtige en invloedryke kommunikasiemetodes (Heyns 1970:102; Lischer 2005:27) wat daarom nie in die kommunikatiewe wetenskapsveld geïgnoreer kan word nie (vgl Detweiler 2005:91).

Verseker is dit waar dat die massamedia en veral die populêre visuele kunsvorme van die hedendaagse kultuur lankal nie meer alleen op vermaak gekonsentreer is nie (Romanowski 2007:16 en 27), maar dikwels eerder om manipulasie (Johnston 2001:165) en finansiële gewin gaan (Romanowski 2007:224). Hoe dit ookal sy, is die boodskappe van hierdie kommunikasiemediums steeds uiters kragtig (Johnston 2001:165; Lischer 2005:41). “It is often in the sphere of ‘entertainment’ that values are formulated, circulated, resisted and negotiated” (Miles 1996:25).

Alhoewel die meerderheid van inwoners in Suid-Afrika sowel as die Verenigde State van Amerika hulleself vandag as Christene beskou en selfs kerkgangers is, is die interessante verskynsel egter dat beide hierdie lande se hoofstroom populêre kulture, en veral die film-industrieë, ten beste as sekulêr en a-godsdienstig geklassifiseer kan word (Romanowski 2007:27; Lischer 2005:27). Die invloed hiervan op die waardestelsel van ‘n samelewing sal sekerlik nie onderskat kan word nie (Detweiler 2005:92).

Tog is dit steeds vanuit die inkarnasieteologie en die skeppingsleer nie die medium wat ’n bedreiging vir God se bedoeling in hierdie wêreld is nie, maar die goddelose idees wat daaragter skuil (Johnston 2001:165). Wat Romanowski betref, lê die uitdaging van die kerk in ‘n hedendaagse kultuur juis daarin dat elke gelowige daarna moet streef om terselfdertyd krities-onderskeidend en kultureel-betrokke te wees (Romanowski 2007:141).

Visuele media-prediking kan mense daarom help om broodnodige onderskeiding en kritiese denke te ontwikkel (Johnston 2001:165). “The ultimate goal is to have a positive influence in our media-saturated society” (Romanowski 2007:23). Om daarby uit te kom, moet die kerk poog om die positiewe dimensies van die populêre kuns te behou sonder om die negatiewe dimensies te ignoreer (Romanowski 2007:23; vgl Detweiler 2005:101).

Beach deel haar persoonlike waarneming van die toename in die gebruik van die visuele kunste in die gemeente waar sy self as prediker betrokke is: “In the past few years, Willow Creek teachers have increased their use of props, images and words on a screen, stories or congregational experiences in messages. It’s rare to hear a message without such elements” (Beach 2004:237).

In die volgende paragrawe gaan daarom gepoog word om ’n kritiese verantwoordelikheidsin te ontwikkel waarbinne met die populêre visuele kunsvorme binne die erediens en besonder die prediking in dialoog getree kan word, met die bedoeling om daardie vorme van die visuele kommunikasie aan te wend in die verkondigingsdimensie sowel as die aanbiddingsdimensie van die erediens (vgl Detweiler 2005:101).

Om daarby uit te kom, is dit van die uiterste belang dat die plek van die menslike verbeelding, die menslike emosie, die menslike kreatiwiteit, die menslike oordrag as storieverteller, die menslike begeerte na transendensie, die menslike behoefte aan betrokkenheid en interaksie, die menslike realiteit van multi-sensoriese kommunikasie sowel as die menslike visuele uitbeeldingsvermoë, binne ’n prakties-teologiese raamwerk geplaas moet word waarvanuit verantwoordbare interaksie met die visuele metafoor van die post-moderne media sinvol kan plaasvind.

## 6.2 ’n Prakties-teologiese perspektief op die menslike verbeelding

Menslike verbeelding is deur die eeue, in die lig van die verstaan van die tweede gebod en die dualisme, nie altyd op ’n positiewe wyse beoordeel nie, maar eerder afgewys of eenvoudig geïgnoreer (Troeger 2007:62; vgl Carter Florence 2008:116 en Campbell 1981:21). Juis as gevolg van die modernisme se verheffing van die kille rasionaliteit, het ‘n bepaalde afkeur teenoor die menslike verbeelding ontstaan wat selfs tot vandag toe nog ‘n groot invloed op die teologie en veral die homiletiek uitoefen (Troeger 2007:62; Carter Florence 2008:118).

‘n Tendens om visuele taal egter minder gesofistikeerd as analitiese taal af te wys, is tiperend van die modernistiese bravade van die rasionaliteit (vgl Campbell 1981:19 en 20). Om verby hierdie bevooroordeeldheid te beweeg en sodoende die afkeur teenoor die menslike verbeeldingskrag te oorkom, is dit van groot belang om ‘n positiewe teologie van die menslike verbeelding te ontwikkel wat prakties-teologies verwoord kan word (Troeger 2007:63; Carter Florence 2008:118).

Carter Florence lui so ‘n positiewe teologie van die verbeelding in: “Imagination is not the truth itself (revelation, gospel, Word) but the point of contact between God and human beings, the place were we meet God. Imagination takes the form of

interpretation: it is how we see, receive and make meaning of our experiences of God in this world" (Carter Florence 2008:118; vgl Campbell 1981:21).

"Yet we need not renounce imagination because of its potentially chaotic and deceptive character. Imagination need not result in an unbridled and arbitrary creation or our own fantasy world. There is also the *responsive* imagination, which, rather than destroying us with our handiwork, takes us beyond ourselves to encounter with others and with God" (Campbell 1981:21).

"Images are the language of the imagination" (Denison 2006:9; vgl Lischer 2005:122 en Vos 2008:39). Menslike verbeelding verwerk indrukke op 'n verskeidenheid van maniere: deur die gebruik van die sintuie, herinneringe, die oproep van beelde en selfs drome (Denison 2006:9; Niemandt 2007:113). Hierby sluit Miles aan wanneer sy skryf: "We cannot begin to live a life we cannot first imagine, and images stock the imagination's repertoire" (Miles 1996:23). "It is a place where mental images are created" (Jamieson 2007:67).

Wanneer 'n spesifieke lied op die radio gespeel word waarmee die luisteraar 'n besondere band uit die verlede het, open dit onmiddelik 'n vloedgolf van herinneringe (Denison 2006:9). Hierdie herinneringe kom nie in die vorm van konsepte, idees of retoriese taal nie, maar altyd in die vorm van beeld, omdat dit sensories en pre-linguïsties funksioneer (Denison 2006:9). Beeld eerder as woord is die medium waardeur die mens na die domein van die herinneringe reis (Denison 2006:10).

Teologie en kunstige kreatiwiteit het meer in gemeen as wat moontlik gewoonlik toegegee word: beide is metafoor-skeppende betekenis-toevoegende prosesse (Romanowski 2007:20). In ander woorde: "Imagination is part of the way we

construct meaning; we imagine the way the world is and ought to be" (Romanowski 2007:20; vgl Carter Florence 2008:119).

Vir baie lank word daar nou al nagedink oor die verhouding tussen geloof en verbeelding. Menslike natuur is van so 'n aard dat daar nie oor onsigbare dinge nagedink kan word sonder 'n bepaalde graad van verbeelding nie (Romanowski 2007:20). Geen gelowige kan immers sy of haar gedagtes op God rig sonder dat dat die een of ander beeld daardie geestelike oordenking vergesel nie.

"For human beings, imagination is not a question of luxury. It is a given; it is part of our hardwiring. And it is how we interpret life" (Carter Florence 2008:119). Verbeelding, met ander woorde die skep van gedagte-beelde, is noodsaaklik om beide geloof en kulturele aktiwiteit uit te druk (Romanowski 2007:20). Wie met die populêre visuele kunste van die massamedia in verhouding wil tree, moet verstaan dat hierdie in-verhouding-tree 'n skeppende verbeeldingsaksie behels (Romanowski 2007:20).

Letterlik beteken die woord 'verbeelding,' 'beeld-oproep' of 'beeld-skep' (Troeger 2007:60). Verbeelding is dus daardie Godgegewe kapasiteit om voor die gedagte-oog 'n beeld op te roep en voor te hou van iets wat nie werklik teenwoordig is nie (Troeger 2007:60). Carter Florence vergelyk verbeelding met 'n metafoor wat iets van ver af nader bring (Carter Florence 2008:119). Soos Niemandt dit verstaan, is verbeeldingskrag die beeld van God (die 'Imago Dei') ín ons (Niemandt 2007:112).

Gelykenisse en narratiewe is die kragtigste instrumente van kommunikasie wat daar is (Johnston 2001:156; Denison 2006:25; vgl Barnard 2009:60) omdat dit juis beelde in die gedagtes oproep wat die verbeelding aangryp (Johnston 2001:159).

Soveel van die Skrif kom na ons toe op die wyse van storie (Denison 2006:21; vgl Akkerman 2002:1).

God se Woord is meer bééld as taal: wel literêr en skriftelik, maar verpak in storie en analogie. “The Bible is a narrative” (Grözinger 2007:96). In die idioom van die Bybelse spraak vind ons geweldig baie verbeeldingstaal opgeneem (Troeger 2007:63; vgl Carter Florence 2008:119). Poësie en metafore word ruim in die Skrif aangewend om ‘n boodskap oor te dra, en “In using our imaginations, we preachers are carrying on the imaginative tradition of the Scriptures” (Troeger 2007:64).

“The Bible is replete with examples of God’s prophets – Hosea, Jonah and Jeremiah – called to act out or dramatize God’s message to His people” (Johnston 2001:166; vgl Vos 2008:47). “It is (imaginative) language that vitalizes faith,” en daarom is dit nie bloot maar net beskrywend nie, maar selfs energerend (Troeger 2007:64).

Is die twee sakramente van die Gereformeerde tradisie wat persoonlik deur Jesus Christus ingestel is (Mat 28:19 en 1 Kor 11:23-25), dan nie juis ’n teken van die verkondiging van twee van die kragtigste boodskappe van die evangelie nie? (vgl Johnston 2001:166; vgl De Gruchy 2009:196). Beide die sakramente van die doop en die nagmaal gryp telkens die gelowige se verbeelding op ’n kragtige en intens-persoonlike wyse aan en skep daarmee oomblikke van verwondering en geestelike bewuswording (vgl Van Tonder 2006:98; De Gruchy 2009:196).

In die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 33 staan van die twee sakramente: “Dit is immers sigbare tekens en seëls van ’n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees” (Handboek vir die erediens 1988:178). God se werk in die gelowige deur middel

van die twee sakramente geskied deur die Gees wat die verbeelding van die mens opneem in die verkondiging, en die konkrete bekragtiging van daardie tekens deur middel van die menslike vermoë om beeldend te dink en waar te neem.

Elke mens se bewuste dryf op ‘n unieke see van beelde (Denison 2006:26). Sommige van hierdie beelde het hulle egter met mekaar in gemeen. Wanneer die prediker ‘n beeld gebruik wat ‘n beeld op ‘n soortgelyke wyse by die hoorder/kyker ontsluit, vind kommunikasie op ’n diep sublieme vlak plaas. ’n Vlak soveel dieper as die taal van woorde, waar simbole opgeroep en omgeruil word en mense uiteindelik aangeraak en verander word (Denison 2006:26).

’n Metode waardeur die Woord van God sensories binnegetree kan word, bestaan al vanaf die tyd van die kerkvader Ignasius, toe hy deur middel van kontemplatiewe oordenking die Skrif woord-vir-woord en herhalend hardop gelees het en sodoende ’n Bybelteks met onverdeelde aandag kon binnegedring (Denison 2006:26). Hierdie Ignasius-metode, wat ook soms as visualisasie bekend staan, moet egter geensins met die visualisering van die Oosterse meditasie verwar word nie, aangesien eersgenoemde altyd die Skrif as fokus het en direk daarmee in dialoog tree.

Om na die beeld van die Skepper geskape te wees (Gen 1:26), soos reeds in die skeppingsleer duidelik uiteengesit is, is om wesenlik deel van die voortgaande skeppingsproses te wees waardeur God die mens as mede-skepper en sy verteenwoordiger in sy skepping opneem. “To be made in the image of God is to be created to create” (Troeger 2007:65).

God as die Skepper word telkens deur sy ‘beeld’ verheerlik wanneer die mens op skeppende wyse kreatiewe interaksie wat in harmonie met die Skepper self is, met skeppingsdomeine soos taal of sigtelike kuns bewerkstellig (Troeger 2007:65).

Inderdaad kan die ‘beeld’ van God ook téén die skeppingswil van die Skepper optree, wat veroorsaak dat predikers versigtig is om kreatief met die verbeeldingskrag om te gaan, maar dan sal daar egter ook konsekwent teen alle ander gawes van God gekies moet word weens die moontlikheid dat dit misbruik kan word (Troeger 2007:65).

Uiteraard beteken die feit dat God aan die mens die skeppende vermoë van die verbeelding gegee het, nie outomaties dat die mens weet hoe om dit te gebruik nie (Troeger 2007:68; vgl Carter Florence 2008:119). “We dwell in our world according to the way in which we imagine our world” (Troeger 2007:68). Hoe die mens die wêreld skilder of verbeeld, sal immers ook wees hoe daardie mens met die wêreld interaksie het.

“But the faithful imagination – that is, one that has been shaped by Christian hope and God’s vision given to us in the Bible – guides us toward God’s truth, so that we see as well as interpret with the eyes of faith” (Carter Florence 2008:119). Gelowige verbeelding plaas die menslike verbeelding binne die skopus van die Woord en die Gees.

Verbeelding kan daarom ’n profetiese rol van hoop en verkondiging vervul wanneer die gelowige getrou aan God se Gees én gees kreatief en skeppend daarmee besig is (Troeger 2007:66). Sodoende kan trou aan God se aard en karakter as Skepper opgetree word om ook die post-moderne heelbrein-mens op ’n geestelike ontdekkingstog van geestelike groei saam te neem.

Gebruik van die visuele sigtelike metafoor in die prediking kan die boodskap van God se Woord op ’n kragtige en impakterende wyse oordra en veral daardie skeppende krag van die menslike verbeelding ter wille van die geestelike groei ontsluit (Johnston 2001:166). Wanneer hierdie punt bereik word, kom God op ’n

wyse aan die woord wat buite die normale konteks val sodat Goddelike kommunikasie nuut en treffend kan plaasvind.

**6.3 ’n Prakties-teologiese perspektief op die menslike emosie**

Deur die afgelope paar eeue het die modernisme se invloed wat die oorbeklemtoning van die rasionele denke betref (Niemandt 2007:18), ook die menslike emosie en belewing as tweederangs afgemaak. Emosie is op tipiese chauvinistiese wyse met die vroulike geslag in verband gebring en daarom as swak, wispelturig en onbetroubaar beskou (vgl Jensen 2005:31).

Onder invloed van die modernistiese digotomie wat skeiding tussen heilig en sekulêr gebring het (Niemandt 2007:72), het die intellek in die prediking voorop begin staan, terwyl gevoel en belewing as minder betroubaar, nie-wetenskaplik en selfs sondig afgemaak is (Kwok 1998:1).

Vandag word egter binne die post-modernisme holisties na die wêreld en daarom ook na die mens gekyk (Niemandt 2007:73). Emosie word ook binne hierdie nuwe geheel-verstaan as deel van die menslike mondering beskou; ’n natuurlike God-gegewe dimensie van die menslike werklikheid. Binne die post-modernisme gaan dit oor ervaring wat ‘n holistiese, allesinsluitende en ook emosionele gebeurtenis is (Niemandt 2007:116).

In Ps 24:1 klink die wekroep wat die dualisme deursny: “Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daarin woon, alles behoort aan die Here” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983). ’n Holistiese verstaan van die werklikheid waarvan God in elke opsig deel is, deurbreek die digotomie van twee wêrelde wat van mekaar afgeskei moet word. Die Gereformeerde kerkvaders het dit juis duidelik

gemaak dat die gelowige nie uit die wêreld geroep word nie, maar ná die wêreld geroep word (Niemandt 2007:72).

Volgens die Gereformeerde Belydenisskrifte is die openbaring van God in die natuur juis die algemene openbaring waardeur ons God leer ken: "Ons ken Hom deur twee middele: eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien" (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 2, Handboek vir die erediens 1988:155).

Hierdie openbaring van God kom deur die sensoriese waarneming van die mens na hom en haar toe, en verwek daarom ook gevoelsmatige belewenisse waarmee die mens sy of haar persepsies verwoord. Geen mens kan na die wonder van die skepping kyk sonder om daardeur aangespreek te word nie en dan ook op emotiewe wyse deur middel van byvoorbeeld uitroepe van verwondering op daardie impulse te reageer.

Wanneer Jesus in Mat 22:37 die tien gebooie in die samevatting van die wet byeen bring, beklemtoon Hy die mens wat in totaliteit op die Skepper se roepstem reageer: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983; vgl Guthrie 1970:844).

Hierdie menslike drie-deling van die hart, die essensie van die menslike bestaan soos dit in gedagtes, woorde en optrede kristalliseer, die siel, die nie-fisiese dimensie van die mens en die tuiste van die emosionele aktiwiteit, sowel as die verstand, die intellektuele domein en gesindhede van die mens, onderstreep dat dit die mens in geheel is wat opgeroep word om God lief te hê (Hendriksen 1973:809; Grundmann 1968:477).

Geloof as 'n heelmens-aktiwiteit, sny daarom elke faset van menswees diep aan: "Christianity is not a message, but an experience of faith, which becomes a message and seeks to offer a new possibility of life experience to others who hear it from within their own experience of life" (Jensen 2005:52).

Meeste erediensgangers verwag nie om emosioneel deur enigiets in die erediens beweeg te word nie (Beach 2004:27). Moontlik kan hulle die opwelling van emosie per geleentheid by 'n filmvertoning of verhoogproduksie beleef, maar binne die erediens bestaan die persepsie nog steeds by baie erediensbywoners – weens die invloed van die modernisme – dat slegs hulle koppe, en nie hulle harte nie, aangespreek sal word (Beach 2004:27).

Vir hierdie rede gee die Here juis die kunste – kuns het die enorme potensiaal om harte aan te raak en mense te beweeg. Kuns en skoonheid is vir Beach sommige van die kragtigste instrumente waarmee God ons na Hom toe trek (Beach 2004:28). Wat moontlik kuns se heel grootste pluspunt is, is dat dit menslike emosie aanspreek binne die totaliteit van die menslike sintuiglike waarneming en waardering.

Vanuit die skeppingsteologie en die openbaringsteologie maak dit juis Bybelse sin om kuns binne die erediens en prediking aan te wend, omdat God Homself dan ook in en deur sy skeppingswerke aan die mens openbaar. Ook die kreatiewe mens as skeppingswerk van God, en daardie mens se skeppende arbeid in relasie tot die Skepper, word dus Góddelike openbaring (vgl Beach 2004:204).

Wanneer hierdie kreatiewe skeppinge van die mens deur die Heilige Gees meegevoer word, word dit kragtige verkondigingsinstrumente waarmee die evangelie nuut en vars binne die leefwêreld van die mens ingebring word. Op die oomblik wanneer dit gebeur, open die emosie weë na geestelike groei.

## 6.4 ’n Prakties-teologiese perspektief op die menslike kreatiwiteit

In Genesis 1:28 gee die Skepper die voortgaande skeppingsopdrag aan sy medeskeppers om die aarde te bewoon, te bewerk en te beheers. Alleenlik binne hierdie Goddelike opdrag lê die mandaat van die ‘beeld’ van God om ás beeld van God op te tree en kreatief oor God se skepping te regeer (Young 2006). God wat geskep het wil hê dat sy skepsels ook skeppend saam met Hom op die reis van voortgaande skepping geneem word (Denison 2006:91; vgl Nel 2001:91).

Mense se skeppende aard is kennend aan die identiteit as skepsels van die Skepper: beelddraers van die Skepper (Niemandt 2007:113). Om na God se beeld geskape te wees, ís om kreatief te wees (Niemandt 2007:112). Juis is dit die taak van die prediking om die goeie nuus van die evangelie op vars en skeppende maniere oor te dra (Niemandt 2007:112). Beach vra met reg: hoe kan ons God se beeld uitdra? In die begeerte en die vermoë om te skep (Beach 2004:165).

Alle kreatiwiteit begin in God se skepping (Niemandt 2007:112). Vandaar is die skepping bedoel om ook uit te loop in die mens se kreatiwiteit – dit het nie by die sewende dag opgehou nie (Niemandt 2007:112; vgl Bell 2007). Kreatiwiteit begin dus by God self. Young stel dit treffend: die Vader het kreatiwiteit geskep, die Seun het kreatiwiteit gemodelleer en die Heilige Gees het kreatiwiteit bekragtig (Young 2006). Om kreatief te wees, is daarom ten diepste aanbidding van die Drie-enige God (Niemandt 2007:114).

Adam se eerste daad van kreatiwiteit in vennootskap met die Skepper word treffend in Gen 2:19-23 uitgebeeld: “Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983; vgl Bell 2007).

Nie alleen vertrou God hierdie onvattende taak aan Adam toe nie, maar Hy vertrou ook sy oordeel en kunstige kreatiwiteit tot in daardie mate dat die name wat Adam sou uitdink, die lewende wesens se name sou bly (Genesis 2:19; Guthrie 1970:84; Bell 2007). Selfs die naam van die vrou, wat saam met hom as die kroon van die skepping regeer, word uit Adam se kreatiwiteit opgeroep (Genesis 2:23).

Kreatiwiteit word deur Denison beskryf as "...relentlessly curious" (Denison 2006:91). Hierdie dimensie het tot gevolg dat kreatiwiteit aangeleer kan word (Denison 2006:92). Wat dit vra, is die bereidheid om te waag en die vryheid om iets anders of iets nuuts te probeer (vgl Beach 2004:168). Kreatiwiteit is meer as fantasie: fantasie is die ontsnapping aan die werklikheid, terwyl kreatiwiteit die realiteit verbreed en verryk (Vos 2007:25).

Kreatiwiteit ís tog in wese om risiko's te neem (Beach 2005). Juis vir hierdie rede is die kreatiewe oproep van die Skepper tot sy skepping volgens Genesis 1:28 'n Goddelike opdrag wat in gehoorsaamheid nagevolg moet word en nie bloot noodwendig outomaties sou kom nie. In die navolging van hierdie opdrag geskied kreatiewe denke.

Denison wil kreatiwiteit egter nie met oorspronklikheid verwar nie; oorspronklikheid sou beteken dat die prediker alleen oor iets kan preek wat hy of sy sélf uitgedink het – indien die prediker alleen daarop sou steun, sou die kerk diep in die moeilikheid wees (Denison 2006:91).

Indien daar dan 'n keuse bestaan wat die prediker moet maak, is dit nie tussen kreatiwiteit of onoorspronklikheid nie, maar tussen kreatiwiteit en verveling (Denison 2006:91). Kreatiwiteit kan selfs die vaalste teks of boodskap optower en nuwe lewe en betekenis gee. Wie dit nié doen nie, tree teen God se skeppingsaard en skeppingswil op.

In die hedendaagse post-moderne samelewing waar visuele kommunikasie oorheers en die rasionele minder gewaardeer word, wil mense nie maar bloot met hulle verstand dink nie – hulle wil ervaar en met hulle totale lewe in beweging kom en geroer word (Niemandt 2007:112). Hiervoor word meer as ooit tevore besondere kreatiwiteit en kunstige vernuftigheid gevra.

Twee filosofiese rigtings kan ingeslaan word wanneer oor kunstigheid en kreatiwiteit nagedink word: enersyds estetika en andersyds pragmatisme (Johansson 1986:4):

- Estetika maak erns met die tegniese karaktertrekke van die bepaalde kunsvorm wat aan dit die artistieke waarde van skoonheid en kwaliteit verleen (Johansson 1986:4). Volgens Clark gaan dit in die estetiese beoordeling om twee sake: oordele rondom egtheid – hoe waar en eg aan die lewe is die kunswerk – en oordele rondom kunstigheid – hoe artisties is die kunswerk uitgebeeld (Clark 1994:69; vgl Beach 2004:203 en De Gruchy 2009:202).

- Pragmatisme gaan uit van die veronderstelling dat goeie kuns énige kuns is wat effektief aan die doel beantwoord – die doel heilig met ander woorde die middele (Johansson 1986:6). Solank die kunstige uitbeelding die gaping kan vul, is dit goed genoeg om te gebruik.

In die kommunikatiewe aard van die verkondiging en aanbidding, is dit egter nie net die estetika of pragmatisme wat ’n rol moet speel nie (Clark 1994:69). Teologiese en liturgiese oorweginge, sowel as die uiteinde van die evangelie-bedoeling, en ook die kontekstuele eise van die hoorder/kyker, is van net soveel belang (Van Tonder 2001:67).

Tegnologie hou egter geen bedreiging vir die kerk in nie omdat dit as deel van die voortgaande skeppingsproses gesien word. Tegnologie kan die deelname van gemeentelede tydens eredienste en prediking verhoog deur byvoorbeeld beelde wat op ’n skerm geprojekteer word (Niemandt 2007:115). Uiteraard is die fokus nooit die tegnologie nie, maar altyd die ontmoeting met die lewende God en mekaar, en daarom staan tegnologie steeds in diens van die ontmoetingsgebeure.

Long se vermaning moet ernstig opgeneem word wanneer hy daarteen waarsku dat kerk-ouditoriums nie soos TV-ateljees moet lyk wanneer sintetiese atmosfeer met die hulp van die tegnologie geskep word nie (Long 2001:43). Kreatiwiteit is tog juis nie ’n nagemaakte skepping van die tegnologie of menslike vermoëns nie, maar ’n Godgegewe Gees-geïnspireerde resultaat wat die vaardighede van die menslike kreatiwiteit saamneem.

Kreatiwiteit impliseer die vermoë om iets oorspronklik tot gevolg te hê: ’n proses van sintese (Beach 2004:165). Vars gedagtes en konsepte sowel as illustrasies binne die liturgie en die preek het die vermoë om die aandag vas te vang en die boodskap op ’n nuwe wyse oor te dra en mense sodoende daarvoor ontvanklik te maak (York 2000:14).

God, wat die toppunt van alle kreatiewe arbeid is, vereis van die mens om sy of haar kreatiwiteit tot nuwe hoogtes te neem, veral wanneer die koninkryk van God en die evangelie op die spel is. Hier lê daarom ’n geweldige verantwoordelikheid op die mens om kreatiwiteit ernstig op te neem en telkens met groot skeppingsvernuf op te tree.

Uitnemendheid of voortreflikheid is daarom ’n beginsel wat die kreatiewe gees van God ten volle adem. Uit die fontein van dankbaarheid waarmee die geroepe mens op sy of haar weg in gehoorsaamheid aan God gaan en Hom wil aanbid

(Heidelbergse Kategismus Sondag 32-52, Handboek vir die erediens 1988:209) word die diepe begeerte gebore om die allerbeste vir die Skepper te gee en te doen. Wat die mens vir God doen, getuig uiteindelik van God se heerlikheid en eer. "Excellence honors God and inspires people" (Beach 2004:151).

Omdat Beach uitnemendheid as Goddelike roeping beleef, waarsku sy tereg teen twee uiteenlopende maar foutiewe sieninge wat voortreflikheid betref:

- Enersyds is daar die tevredenheid met gemiddeldheid in die kreatiewe prosesse.

- Andersyds is daar die ontevredenheid met die kreatiewe prosesse weens 'n gesindheid van perfeksionisme (Beach 2004:144).

Beide hierdie misverstande rondom uitnemendheid strek tot oneer van God, en daarom stel sy 'n meer Bybelse en gebalanseerde benadering tot voortreflikheid voor: om die heel beste vir God te doen wat gedoen kan word met wat tot beskikking is (Beach 2004:152).

Kuns is die kleurvolle menslike uitdrukking van die Goddelike kreatiwiteit en moet daarom groter ruimte verkry binne die post-moderne aanbidding (Bottomley 1979:135; Niemandt 2007:114). "God's co-creators have used the stuff of creation to develop imaginative art forms – literature, poetry, painting, sculpture, theater, music and film" (Romanowski 2007:45). In die woorde van Niemandt is kuns die beste wyse om God se storie te vertel (Niemandt 2007:114). Deur die kunste kom daardie openbaring wat dikwels nie deur die rede verwerf kan word nie (Denison 2006:43).

Gebruik van die populêre kultuur, en veral die visuele kunsvorme van die filmwêreld, is daarom ’n geskikte wyse waarop kreatiwiteit binne die erediens en prediking aangewend kan word. Al die groot en diep geestelike vrae word immers in musiek en films opgeneem (Niemandt 2007:115). In die genre van die populêre kuns formeer die kommunikatiewe arena vir menslike dialoog en debat omdat mense so goed daarmee kan identifiseer en assosieer (Romanowski 2007:15).

Hierdie beginsel van kreatiwiteit sal vandag meer as ooit tevore deur predikers omhels moet word (Beach 2004:237; Hogan 2008:147). Waarom meer as ooit tevore? Beach verduidelik: “Two reasons: because we increasingly communicate to a culture overwhelmed by information; and we communicate to generations who learn as much by seeing and experiencing as they do by listening. Most listeners’ attention spans are dwindling. Words simply aren’t enough, most of the time” (Beach 2004:237).

**6.5 ’n Prakties-teologiese perspektief op die visuele narrator**

Om die verbeeldingskrag en die kreatiwiteit van die mens te ontsluit, speel die homileet ’n uiters belangrike rol (Niemandt 2007:113). Dit is Burke wat na die post-moderne prediker van die toekoms verwys as ‘n ‘Visual storyteller’ (Burke 2005:95). Die homileet is daarom nie bloot ’n woordmaker nie (Vos 2009:306), maar ’n bééldmaker.

Ook Denison pleit vir predikers wat beide woordsmede én beeldsmede sal wees (Denison 2005:9; vgl Niemandt 2007:113). Homilete wat binne die visuele era funksioneer, word ook raak deur Sweet beskryf: “Postmodern preachers are visual poets” (Sweet 1999:211).

Hier gaan dit nie om ’n orator soos die kommunikeerder van die modernisme bekend was nie, maar om ’n narrator wat die visuele dimensies oproep en kunstig aanwend (vgl Lischer 2005:94). “I think it’s fundamentally a shift, and I think visual storytellers will become the new theologians, the new apologetic experts, the new preachers” (Burke 2005:95).

Visuele narrators sal die Woord van God steeds kragtig en lewendig in die nuwe wêreld indra, alhoewel dit nie meer opgeneem sal wees binne die ou wêrelde en konsepte waarin geglo is die waarheid geleë is nie (Burke 2005:95; vgl Lischer 2005:95). Nuwe horisonne van kreatiewe visualiteit sal deur die visuele narrators van die toekoms geopen moet word sodat die evangelie steeds aanspreek en aanraak.

Omdat hedendaagse kommunikasie al hoe meer met beelde werk (Niemandt 2007:113), is dit die taak van die prediker om daardie beelde binne die mens se bewussyn te help ontsluit. “Die nuutste insigte oor menslike gedrag bevestig dat lewensverandering net plaasvind waar mense hulleself nuut sien. Dit is nie stellings en redenasies wat mense nuut laat lewe nie – dit is wanneer hulle nuwe metafore kies” (Niemandt 2007:114).

Omdat kuns, soos dit veral in die visuele tot uiting kom, die beste manier is om God se storie te vertel (Niemandt 2007:114; Lischer 2005:107) beteken dit dat die beste predikers van ons tyd visuele kunstenaars en storievertellers is, wat die vermoë ontwikkel het om deur middel van die beeld te spreek. Visuele stories spreek mense op ’n besondere wyse aan (York 2000:13) en bring die hoorder/kyker tot ’n aktiewe betrokkenheidsvlak wat sy of haar aandag vasvang en die ontvanklikheid van die boodskap verhoog (Van Tonder 2006:105).

Gawes en persoonlikheid van die visuele narrator speel ’n onlosmaaklike rol in die prediking (Van Tonder 2006:112). Goddelike betrokkenheid deur die Heilige Gees in die prediking sluit nooit die betrokkenheid van die mens uit nie. Daarom is Johnston korrek met sy uitspraak dat die prediker nie kommunikasiestyle en kommunikasietegnieke kan ignoreer omdat dit God is wat aan die woord moet kom nie (Johnston 2001:63).

God neem die prediker in sy diens as vennoot op: “When we have helped someone comprehend the message, the Holy Spirit makes the mysterious inner link” (Johnston 2001:64). Hierdie misterieuse samewerking tussen God en die prediker vereis dat die prediker in verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid sal optree (Hybels 2005). “Communication skills complement the preaching of God’s truth, not undermine it” (Johnston 2001:12).

Hier kom die beginsel van uitnemendheid volwaardig ter sprake. Alhoewel kreatiwiteit deel van die menslike mondering is vanweë die skeppingsmandaat, bly dit elke prediker se verantwoordelikheid om daardie kreatiwiteit te kultiveer, en hiervoor word ’n gebalanseerde lewenswyse gevra (Young 2006). Alleen deur middel van die Goddelike ritme van werk en rus na aanleiding van Gen 2:2 en Eks 20:10, en soos Jesus dit persoonlik ook gemodelleer het, kan ware en voortdurende kreatiwiteit vertroetel word.

Enige visuele prediker wat werklik kreatief wil preek, sal behoorlike tyd moet bestee in die proses van kreatiewe nadenke rondom elke preek (Warren 2006). Warren stel voor dat die prediker nie binne die week-vir-week-ritme van preekvoorbereiding vasgevang moet word nie, aangesien een week nie naastenby genoegsame ruimte vir kreatiwiteit laat nie, maar dat daar verder vooruit gedink moet word sodat kreatiewe idees gebore en met ander getoets kan word (Warren

2006). Sommige predikers werk reeds maande vooruit aan die basiese konsepte van preke sodat kreatiwiteit voldoende gestimuleer kan word (Warren 2006).

’n Prediker wat waarlik glo dat God in die erediens teenwoordig is kan nie anders as om dit ook in sy of haar optrede, aanbieding en entoesiasme te toon nie (Long 2001:22; 105). Hierdie entoesiasme is aansteeklik en vloei oor na die hoorder/kyker sodat sy of haar deelname en opgewondenheid self ook in die proses toeneem (Smith 2006).

’n Prediker dra nie net ’n boodskap met taal of beeld oor nie, maar dra onderliggend ’n tweede selfs meer kritiese boodskap oor, naamlik dat hy of sy sélf in die boodskap glo, daarvan oortuig is en persoonlik daardeur verander is (vgl Long 2001:23).

Post-moderne mense het die behoefte aan egtheid eerder as kwaliteit (Niemandt 2007:114; vgl Fry Brown 2008:106 en 107 en Nel 2001:51). Indien die prediker nie passievol oor die Woord van God is nie, gaan geen tegnologiese aanbieding hierdie tekortkoming korrigeer of verbloem nie (Johnston 2001:166).

Johnston pleit daarvoor dat die prediker die boodskap moet beliggaam (Johnston 2001:162). ’n Visuele narrator vertel nie bloot die storie nie, maar herleef dit vir die hoorder/kyker deur die gebruik van die stem, stemtoon, liggaamstaal, postuur, gebare, pouses, dramatiese momente, humor, verrassing, passie, gesigsuitdrukking en visuele uitbeelding (Johnston 2001:161; Smith 2006; Fry Brown 2008:175; Oskamp en Geel 1999:171 en 172; Morris 1996:108-114). Oordrag en lewering reflekteer die krag en energie van die teks (Smith 2006).

Visuele predikers dra saam met hulle meer as net die getrouheid aan die Bybelteks: hulle aanbiedingsvaardighede en kommunikasievermoëns is van net soveel belang (Johnston 2001:11). Visuele intelligensie – die vermoë om die visuele te interpreteer sowel as aan te wend en sigbaar te kommunikeer – vorm die basis van die aanvoeling wat die visuele prediker sal moet aanleer.

Om visuele intelligensie te besit, beteken om interpreterende toegang tot die visuele medium te kan verkry, kritiese interaksie met die visuele medium te kan hê, die verskeidenheid van visuele genres te kan onderskei, daardie visuele genres krities te kan evalueer en uiteindelik ook ander toegang tot daardie visuele mediums te kan gee (vgl Romanowski 2007:18). In hierdie studie gaan daar gepoog word om ’n raamwerk op te stel waarbinne visuele intelligensie kan ontwikkel.

**6.6 ’n Prakties-teologiese perspektief op die transendensie**

Met die verlies van die modernisme se sekerhede en eksterne standaarde waardeur reg en verkeerd bepaal is, is die resultaat dat die post-moderne mens begin om na binne te kyk vir antwoorde (Johnston 2001:44). Post-moderne mense is onwillig om te aanvaar dat die intellek die enigste bepalende faset is wat voorskryf wat geglo kan word, en soek ook na nie-rasionele wyses van ken soos die menslike emosie en die intuïsie (Johnston 2001:44).

Om God te ervaar, is daarom een van die primêre behoeftes van die post-moderne gelowige mens (Long 2001:18; vgl Vos 2009:305). In ‘n wêreld waar alles so rasioneel beoordeel is, wil mense ‘n bonatuurlike gewaarwording ervaar; die wete dat daar iets meer as bloot die koue, afsydige en onpersoonlike werklikheid van die rede is. In die woorde van Vos: “Erediensgangers kom meestal met

verwagtings kerk toe. Een van die verwagtings is om die lewende God te ontmoet" (Vos 2009:297).

Miller ondersteun hierdie gedagte van die post-moderne mens se motivering vir erediensbywoning: "Do me the favor of considering why I'm here: it's not to be entertained – you can't compete with my TV. It's not to be impressed – you know there's always somebody better out there. It's not to be condemned – I feel that already. The only reason I'm here is my deep unspoken hope of connecting with God and my God-destiny" (Miller 1999:9).

Sweet gee 'n akkurate insig in die rede daarvoor: "The more virtual the world becomes, the more physical become people's needs and wants" (Sweet 1999:191). So verduidelik Long dit verder: "When all the clutter is cleared away from our lives, we human beings do not merely *need* to engage in corporate worship; we truly *want* to worship in communion with others" (Long 2001:17).

Hierby sluit Beach aan: "All day long, folks are bombarded by noise and information. The technology explosion – including cell phones, PDA's, e-mail and voice mail – has created a culture of people who are never out of reach. Add to that the relentless barrage of radio, television, magazines, the Internet and stacks of books. The pace of society is escalating. Everyone always seems to be in such a hurry!" (Beach 2004:25).

In 'n wêreld waar die mens tegnologies bykans nooit meer buite bereik is nie, word dit ironies genoeg al hoe moeiliker om God te 'bereik.' Om af te skakel sodat die teenwoordigheid van God beleef kan word en sy stem gehoor kan word, is een van die grootste uitdagings van die tyd (Beach 2004:25). Vir Long moet selfs die gebou van aanbidding daarom reeds iets van die transendensie, die

wonder van die teenwoordigheid van God, bevat (Long 2001:70; vgl Van Tonder 2006:99).

Post-moderne mense wil God verstaan binne die konteks van spiritualiteit en verhouding (Johnston 2001:122). Vir hulle is daar ‘n wêreld se verskil tussen die ken van God en die belewing van God. Ken van God beteken vir hulle blote feitelike kennis en informasie wat deur middel van die hoof verwerf word, terwyl die belewing van God op ’n persoonlik-egte basis met die hart te make het (Johnston 2001:122).

Baie mense wat eredienste bywoon, kon dalk nie in die onlangse verlede ervaar dat hulle met God verbind is en dat Hy hulle aanraak nie (Beach 2004:27). Vir hierdie rede smag hulle intens na ’n transendente ontmoeting met die lewende God (vgl Vos 2009:305). Long beskryf aanbidding dan juis as “...what happens when people become aware that they are in the presence of the living God” (Long 2001:18).

Ten diepste handel die erediens en die preek nooit oor menslike voorbereiding, beplanning of vaardighede nie, maar oor die Goddelike momente wat alleen God deur sy teenwoordige Gees kan bewerkstellig (Long 2001:21). In Mat 14:33 aanbid die dissipels Jesus nadat Hy die storm stilgemaak het en sê: “U is waarlik die Seun van God” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983).

Hulle aanbid egter nie vir Jesus omdat hulle in die eerste plek vermaak is, geleer is of visueel gestimuleer is nie, máár omdat hulle ten diepste ’n oorweldigende ervaring van die grootheid van God beleef het (Long 2001:18; vgl Hendriksen 1973:603). En die enigste outentieke reaksie wat hulle hierop kon hê, was om voor Jesus neer te kniel en Hom te aanbid.

Binne die erediens en die prediking moet daar dus altyd ruimte gelaat word vir die transendente momente van die misterie (Long 2001:19). Misterie trek mense na God toe omdat hulle ’n honger het vir ’n Goddelike belewenis. Op geen ander wyse kan hierdie honger gestil word as deur ’n egte bonatuurlike ontmoeting met die lewende God nie (Van Tonder 2006:104).

In dieselfde asem moet bygevoeg word dat, alhoewel die mens nie hierdie transendente ervaring kan skep nie, die mens wél oomblikke van misterie en bonatuurlike belewing negatief kan beïnvloed (Long 2001:21). Long verduidelik: “If the leaders genuinely believe that worship is being conducted in the presence of God, it shows, and what is more, that believe is contagious” (Long 2001:22).

Goddelike momente waar God aan die woord kom of werksaam raak, vorm die ruggraat van die erediens sowel as die prediking. Beach noem dit die momente wat saakmaak: “I believe the potential for moments that matter exists in every church, as we listen for God’s guidance, develop our crafts and pray like crazy for supernatural power to be unleashed” (Beach 2004:204). Oorgawe aan God, in die beplanningsproses sowel as die uitvoering daarvan tydens die ontmoeting, is van die uiterste belang (Hybels 2005).

## 6.7 ’n Prakties-teologiese perspektief op betrokkenheid en interaksie

‘n Verhaal wat help om die interaktiewe wyse van die beeldende taal van die visuele generasie beter raak te sien, word deur Sweet gedeel (Sweet 1999:219). Sy seun was besig om basketbal op TV te kyk, maar het die laaste paar oomblikke van die wedstryd misgeloop.

Toe sy pa vir hom vra waarom hy nie die finale sekondes kon weergee nie, was sy antwoord dat hy op daardie oomblik uit was. 'Maar ek het gedink dat jy die wedstryd gekyk het...' was Sweet se reaksie. 'Ja, ek het! Maar dit is toe ek buite besig was om balle deur die ring te gooi.'

Sweet konkludeer dat dit nie eens vir die visuele generasie moontlik is om TV te kyk sonder om dit vir hulleself interaktief te maak nie (Sweet 1999:219). Wanneer kinders na 'n gunsteling program op TV kyk, sit hulle nie passief met die oë op die TV-stel vasgenael nie, maar dans hulle voor die TV en sing of praat of lag of speel saam (Sweet 1999:218).

Die hedendaagse wêreld is een waar deelname en ervarings tel (Niemandt 2007:103). Elektroniese media stimuleer hierdie aktiwiteit en interaktiwiteit (Sweet 1999:218). Hoe meer digitaal die hedendaagse kultuur word, hoe meer deelnemend is dit (Niemandt 2007:103). Multimedia is eintlik niks anders as interaksie nie (Niemandt 2007:103).

Vandaar is die visuele geslag eerder op aktiewe en interaktiewe leer ingestel as die wyse waarop hulle informasie inneem en verwerk (Van Tonder 2006:96). Daarom dat Niemandt die post-moderne erediens wil vergelyk met 'n danssaal waar almal deelneem en betrokke is, eerder as 'n ouditorium waar passief na 'n afgeronde aanbieding of vertoning gekyk word (Niemandt 2007:116).

Godsdiens is ten diepste deelnemend van aard (Niemandt 2007:104). Selfs die wyse waarop die Bybel tot stand gekom het, getuig van die deelnemende gesindheid van God (Niemandt 2007:104). In die neerpen van die Skrif, die totstandkoming van die kanon sowel as die interpretasie van die Woord binne die daaglikse konteks van die mens, word die mens ten volle as bondgenoot opgeneem (vgl Jonker 1976:36).

In die liturgie gaan dit ewenwel om partisipatoriese betrokkenheid – kennis word deur deelname oorgedra (Buitendag 2009:227). Hierdie is nie bloot ’n rasionele proses nie, maar ’n dinamiese gebeure van geloofsdeelname wat afspeel wanneer byvoorbeeld deur lofprysing en danksegging iets te wete gekom word van wie en wat God is (Buitendag 2009:227).

Eredienste en prediking sal moet wegbeweeg van die tipiese toeskouermentaliteit wat dit in die modernistiese era so duidelik gekenmerk het (Niemandt 2007:116). Vryheid om tydens die erediens rond te beweeg moet geskep word en daarom moet die erediensruimte voorsiening maak dat lidmate kan rondbeweeg, en moet daar ook liturgiese momente ingebou word wat dit vir mense moontlik maak om betrokke te wees (Long 2001:72 en 73; vgl Niemandt 2007:118).

Prediking moet eerder ’n gesprek as ’n lesing wees (Niemandt 2007:105; vgl Vos en Pieterse 1997:20). Interaksie tussen die gemeente en God, tussen die prediker en die gemeente, sowel as tussen gemeentelede onderling, bring mee dat daar nie werklik binne ’n post-moderne erediens meer van dialoog sprake is nie (Vos en Pieterse 1997:20 en 22), maar eerder van trialoog gepraat moet word (vgl Van Tonder 2006:106).

Binne deelnemende eredienste en prediking skuif die kansel tussen die lidmate in (Niemandt 2007:109). In die plek van ’n liturgiese ruimte voor in die gebou, word die totale gebou nou ’n liturgiese ruimte (Niemandt 2007:109). Kansels maak plek vir groot verhoë: nie omdat die verkondiging van die Woord verdwyn nie, maar inteendeel, omdat die verkondiging van die Woord selfs wyer en meer as die oratoriese preek word. Gemeentelede kry die geleentheid om hulle gawes binne die erediens aan te wend en op hierdie wyse verkry hulle deel aan die verkondiging.

Uiteraard impliseer dit dat die preek nou wyer beskou word as bloot die mondelingse aanbieding van die prediker, maar word dit uitgebrei na ander vorme van kommunikasie wat die boodskap ondersteun of aanvul (Jones 2001:21; Van Tonder 2006:109). Visuele kunsvorme in al die dimensies en genres word onontbeerlik vir hierdie styl van prediking.

Niemandt maak ook die punt van lyflike aanbidding, waarmee hy nie net aanbidding van die nek af boontoe bedoel nie, maar aanbidding wat ook die res van die liggaam insluit (Niemandt 2007:142; vgl Vos en Pieterse 1997:128 en 129). Hier kan byvoorbeeld gedink word aan Psalms soos Psalm 47:1, Psalm 95:6 en Psalm 149:3, waar liggaamstaal en liggaamlike uitdrukking deel van die aanbidding word (Guthrie 1970:481; 512; 546).

Vanuit die inkarnasieteologie word die liggaam nie langer genegeer as swak en sondig soos binne die dualisme die geval was nie, maar die liggaam word juis hoog geag omdat dit die toegangspoort na die hart, siel en verstand is (Niemandt 2007:142). König sien die liggaamlike betrokkenheid vanuit die Psalms, soos byvoorbeeld Psalm 149:3 en Psalm 150:4, as ’n suiwer reaksie op God en sy openbaring (König 1998:85).

Erediensdeelname en veral deelname aan die preek verhoog die kommunikasie sowel as die ‘hoor’ van die boodskap, omdat dit nou ook gesien en beleef word (Beach 2004:237). Interaksie stimuleer die ontvangs van die boodskap omdat woorde en die menslike gehoorsintuig net eenvoudig nie genoeg is om die boodskap oor te dra nie (vgl Hogan 2008:147).

### 6.8 ’n Prakties-teologiese perspektief op multi-sensoriese kommunikasie

Na aanleiding van Niemandt se beskrywing, is dit die ‘hele’ mens, en nie net die rasionele dimensie van die mens nie, wat God aanbid (Niemandt 2007:117). Post-moderne mense smag na ’n heel-liggaam-belewenis in die erediens en prediking waarby al die menslike sintuie betrek word (Niemandt 2007:117). Hulle bevind hulle immers in ’n multi-sensoriese kultuur en kan moeilik andersins aangespreek word (Van Tonder 2006:109; vgl Miller 1999:9).

Deur middel van die vyf fisiese sintuie, sig, aanraking, gehoor, reuk en smaak kan die erediens en selfs die preek ’n vol-liggaam-ervaring word waarby die mens in totaliteit holisties betrek word (Van Tonder 2006:99). Wanneer die res van die menslike sintuie, naas die uitsondering van die gehoor soos dit tradisioneel die geval was (Blackwood 2009:1) binne die prediking ingespan word, kan dit besondere leerervaringe en groeiervaringe tot gevolg hê.

Verskuiwing vanaf die enkelvoudige rasionele leerdoelwit van die prediking na die multi-sensoriese leerdoelwit van die prediking word goed uitgebeeld in die drie vrae wat die predikers van Willow Creek Community Church in Chicago telkens met die aanvang van die voorbereidingsproses voor elke preek vra: ‘Wat wil ek hê moet mense weet?’ ‘Wat wil ek hê moet mense ervaar?’ ‘Wat wil ek hê moet mense doen?’ (Beach 2004:235).

In die verlede sou predikers alleen op die eerste vraag klem gelê het as die totaliteit van die bedoeling van prediking: lering sodat mense tot verstaan en deur verstaan tot geloofsgroei kon kom (vgl Denison 2005:3). Ideëprediking het egter nou verskuif na beeldprediking sodat ’n ontmoeting van God met die mens in totaliteit bewerkstellig kan word.

Hierdie ontmoeting het egter nie alleen begrip as doelwit nie, maar ten diepste lewensverandering (Beach 2004:235). In Eseg 33:31 was dit juis die Here se beskuldiging teen sy volk: “Hulle gaan sit voor jou, hierdie volk van My, en hulle hoor wat jy sê, maar hulle doen nie wat jy sê nie” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983; Guthrie 1970:680).

Multi-sensoriese prediking betrek juis die volle sintuiglike waarnemingsveld van die mens sodat die Goddelike verkondigingsappèl nie bloot ’n rasionele instemming bly waardeur nie-aanspreeklike passiwiteit bekragtig word nie. Aanspreeklikheid kan slegs bewerkstellig word wanneer die appèl nie tot die na-binne-gekeerde en onsigbare dimensie van die privaat-geestelikheid beperk word nie, maar die sigbare dimensie ook aangespreek en uitgedaag word (Jak 2:14-26).

In Jesus se prediking, die meesterprediker van alle tye, was die multi-sensoriese waarneming altyd in die oog (Beach 2004:238). Sy visuele uitbeeldings en interaktiewe verwysings, gekombineer met direkte persoonlike ervarings, het boodskappe tuisgebring wat lewens vir altyd verander het.

Ook wanneer Jesus die twee sakramente in Matteus 26:26-29 en Matteus 28:19 instel, beklemtoon Hy die multi-sensoriese dimensie daarvan deur naas die gehoorsintuig, ook die sigsintuig, die reuksintuig, die tassintuig en selfs die smaaksintuig in te span (vgl Blackwood 2009:1 en 2).

Volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 33 waar God se genadegawes van die sakramente beskryf word, word bely: “Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy deur sy Woord te kenne gegee het en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel” (Handboek vir die erediens 1988:178).

Jesus het die menslike sintuie aangewend vir die bedoeling wat dit in wese het: informasie-ontvangers – menslike antennas wat deur middel van sensoriese persepsie stimuli inneem en vandaar na die brein deurstuur vir prosessering, informasieverwerking en uiteindelik aksie (Blackwood 2009:1).

Juis hierdie neurologiese funksie van die sintuie, versterk die belangrikheid daarvan vir die prediking. Multi-sensoriese prediking is daarom geensins blote vermaaklikheid of die nuutste modegier nie (Jensen 2005:ix), maar ’n neurologiese gegewenheid vir effektiewe kommunikasie (Blackwood 2009:1).

**6.9 ’n Prakties-teologiese perspektief op visuele uitbeelding**

Elke era van kommunikasie beïnvloed ook die verstaanwêreld van die mensdom wat binne daardie era funksioneer. Mense se kommunikasie bepaal hulle siening van sake en uiteindelik ook hulle menswees (Niemandt 2007:18). Wanneer kommunikasie verander, verander mense se uitkyk en lewe ook daarmeesaam, wat weer tot ’n nuwe verstaan van sake aanleiding gee en lei tot diepliggende psigologiese veranderings en ’n veranderde wêreldbeeld (Niemandt 2007:18).

Soos reeds vroeër breedvoerig uitgewys, het die Westerse filosofiese of intellektuele denke van die skriftelike modernistiese denkpatroon, grotendeels digkuns bó skilderkuns en woord bó beeld verkies (Jensen 2005:125). Verbale denkbeelde is meer algemeen met die prediking geassosieer as visuele sig-beelde (Jensen 2005:135). Vandaar is dit glad nie enige verrassing dat prediking ook oor die afgelope paar eeue deur hierdie benadering oorheers is nie (Jensen 2005:125).

Selfs met die koms van die nuwe homiletiek (Jensen 2005:125) waartydens die gedagte van die preek as ‘dink in idee’ uitgedaag is deur die preek te sien as ‘dink in beeld,’ het die basiese uitgangspunt steeds ideë-prediking gebly. Illustrasies en

metafore is nog maar steeds verstaan as ondersteunend tot die punt of argument wat die gedagte wat moes oorkom slegs bevestig het – hierdie soort metafore word deur Jensen ‘metafore van illustrasie’ genoem (Jensen 2005:126).

’n Groot persentasie van die hedendaagse prediking geskied ongelukkig nog steeds op hierdie verklarende of retoriese styl, waar selfs visuele uitbeeldings aangewend word ter wille van die argumentatiewe beredenering of die saak wat gemaak word (Jensen 2005:126). Gewoonlik het die visuele metafoor alleen ’n plek in verhouding tot die beredeneringsaksie binne die preek.

Nog steeds word die visuele beeld egter bloot as illustrasie gebruik waarmee die hoorder (nie kyker nie) die punt wat gemaak word moet verstaan. Sodra die punt begryp is, is die doel van die visuele uitbeelding uitgedien, aangesien die punt wat gemaak en verstaan word nog steeds die éintlike fokus is (Jensen 2005:126).

’n Verdere probleem met hierdie styl van prediking waar die gebruik van visuele hulpmiddels op ’n modernistiese denkpatroon geskoei word, is dat dit steeds liniêr funksioneer (Denison 2006:25). Visuele uitbeeldings wat so aangewend word, maak nog steeds net ’n appèl op die mens se rasionele linkerbrein-logika (Miller 2006).

Visuele aanbiedinge wat hierdie styl van prediking ondersteun, projekteer meestal steeds woorde, en wanneer visuele uitbeeldinge wel gebruik word, is dit bloot om daardie woorde te bevestig. Op hierdie wyse word die visuele slegs aangewend om die rasionele aan te spreek eerder as die menslike verbeelding te stimuleer.

Vanuit die nuwe homiletiek het die visuele metafoor soos dit veral binne die narratiewe prediking verstaan word, egter ’n heel nuwe betekenis verkry, wat in die woorde van Jensen ‘metafore van deelname’ genoem word (Jensen 2005:127).

In hierdie gebruik van die visuele metafoor binne die prediking, word die hoorder/kyker se verbeeldingsdeelname onmisbaar om lewe en impak aan die preek te verskaf. “Story creates meaning; it does not illustrate meaning” (Denison 2006:3).

In plaas daarvan dat die visuele metafoor aangewend word om idees in mense se koppe te plant, word ménse in die hoorder/kyker se hoof en hart ingeprent, deurdat die hoorder/kyker binne die storie ingebring word deur sy of haar verbeelding te gebruik (Jensen 2005:127). Hierdie gebruik van die visuele metafoor staan bekend as narratiewe prediking, maar met die klem nog steeds op prediking: preek – spréék.

’n Volgende kategorie vir die aanwending van die visuele metafoor binne prediking word bereik wanneer die visuele uitbeelding sélf die sentrum van die preek wórd (Jensen 2005:135). Alhoewel dit vreemd mag klink, korrespondeer dit met die Skrif: die Bybel word immers aanmekaar gehou deur ikone (beelde) en nie deur konsepte of idees nie (Jensen 2005:135).

So byvoorbeeld kan die gelykenisse van Jesus Christus gesien word as ‘verbeeldingsvlugte’ wat ’n flikker-beeld van die Goddelike werklikheid vertoon. Beeld is die mees oortuigende en tranformerende dimensie van die menslike kommunikasie (Miller 2006). Verbeelding is juis so kragtig omdat dit die emotiewe sneller en opwinding bewerkstellig.

Prediking kan vandag sterk visueel ondersteun en selfs volledig gedra word deur die sinvolle aanwending van oudiovisuele kunsvorme soos dramas, mimieke, danse, poppespele, videomateriaal en ‘PowerPoint-aanbiedings’ om die post-moderne styl van prediking te bevestig (Jones 2001:21).

Selfs skilderkuns en beeldhouwerk sowel as ander grafiese en beeldende kunsvorme kan meehelp om die effektiewe oordrag van geloofsinhoud en geloofsbelewing uit te bou en vas te knoop (Van Tonder 2006:109). Menslike verbeelding skep nuwe horisonne vir kommunikasie en nuwe hoop vir voosgespreekte luisteraars.

In die praktyk beteken dit dat ’n besonder goed gekose visuele uitbeelding – hetsy ’n foto, skildery of videosnit – nie maar net ondersteunend tot die eintlike boodskap is nie, maar die eintlike boodskap kan wéés (Denison 2006:6). Natuurlik kan dit groot ongemak meebring rondom die plek van die Woord – veral as die Woord van God nog steeds as die gedrukte boek of die geskrewe teks beskou word (vgl Sweet 1999:31).

Kan die Bybel binne die prediking gelees word sónder om die fisiese gedrukte boek te lees? Kan die Woord van God gepreek word sónder die oratoriese preek, en sonder om tekste aan te haal of oraal voor te hou? Is dit moontlik om steeds die Woord van God met verantwoordelikheid en verantwoording te verkondig deur eietydse gelykenisse te gebruik wat wel dieselfde boodskap as die gelykenisse van Jesus uitdra, maar geensins dieselfde kulturele kodes gebruik om dit te doen nie?

Antwoorde op hierdie vrae sal sekerlik afhang van die posisie wat die een wat op die vraag reageer betreffende die modernistiese digotomie inneem: kán God ook deur die kunste praat, of is sy spreke alleen tot die Skrif en die woord beperk? (Denison 2006:83). Negering van die kunste en die visuele soos deur die rasionalisme en die ikonoklasme aangedryf, sal sekerlik die visuele as tweederangs, sondig, menslik, onbelangrik en onbetroubaar afmaak. Jesus se inkarnasie en sy oorwinning aan die kruis skyn egter ’n nuwe lig op die visuele uitbeelding (vgl Denison 2006:83).

Beach worstel ook met die vraag of prediking slegs Bybelse inhoud het indien dit op die verklarende oratoriese vers-vir-vers uitlegstyl plaasvind: "Some Christians believe a message isn't truly Biblical unless it's taught in an expository, verse-by-verse style with numerous references to the original language" (Beach 2004:233).

Die sentrale plek van die Skrif binne die prediking kan nooit uitgeskuif word nie; die vraagstuk lê egter dieper as dit: kan die Woord van God ook naas die Skrif deur die kunste na die mens kom? Natuurlik nie in plaasvervangende status tot die Skrif nie, maar in ondersteunende en verhelderende status tot die Skrif.

Prediking is volgens Jones binne die post-moderne konteks minder woord-georiënteerd as wat dit binne die modernistiese konteks was – met ander woorde minder klem word op die verbale kommunikasie geplaas en ander mediums word nét so effektief, of selfs méér effektief, aangewend om dieselfde boodskap te kommunikeer (Jones 2001:21; vgl Van Tonder 2006:109).

Oudiovisuele kunsvorme is daarom nie iets uit die bose of vanuit die modernistiese digotomie minder rein en edel nie, maar Godgegewe instrumente waarmee mense met die boodskap van die evangelie bereik kan word (Van Tonder 2006:109). Ook multidata-aanbiedinge is onmisbaar as hulpmiddel binne die post-moderne prediking aangesien dit die verbale visueel maak (Van Tonder 2006:110). Visuele generasies luister immers met hulle oë (Van Tonder 2006:110).

Prente en visuele ikone kan die idee of die boodskap dikwels beter deurgee as woorde (Jensen 2005:92). Visuele uitbeeldings kommunikeer duidelik en eenvoudig sodat dit 'n groter impak kan maak as wanneer daardie selfde waarheid of feit in blote woorde oorgedra word. Jensen noem dit vir hierdie rede selfs 'n evangelisasie-instrument en 'n onderrig-instrument (Jensen 2005:93).

Visuele hulpmiddels se krag lê daarin dat dit die boodskap ondersteun en mense help om die boodskap beter te onthou (Jensen 2005:92; vgl Denison 2006:25; 92). Assosiasie met die visuele uitbeelding skep ’n metaforiese verbintenis tussen die beeld en die boodskap; dit vorm ’n brug tussen die inhoud en die beeld deur ’n konneksie te skep wat van die beeld ’n venster maak waardeur toegang tot die inhoudelike verkry kan word. Sodoende word die beeld ’n poort na die inhoud.

Uiteraard beteken dit dat die visuele nooit ’n teks opsigself word nie, maar altyd die boodskap ondersteun en duideliker maak (Miller 2006). Die Skrif bly steeds sentraal, en die visuele uitbeelding is daarom nooit ter wille van die vermaaklikheid nie (Blackwood 2009:1), en wil ook nie die Woord van God vervang nie (vgl Lischer 2005:110), maar bring bloot die werklikhede van die Woord kragtiger op multi-sensoriese wyse na vore (Jensen 2005:100).

Projeksie van beelde ter wille van die kommunikasie van die boodskap is bloot ’n tegnologiese variasie van wat Jesus Christus reeds in sy eie prediking gedoen het (Jensen 2005:100). Alhoewel Jesus nie die tegnologie van vandag tot sy beskikking gehad het nie, het Hy steeds dieselfde kommunikatiewe beginsel in sy prediking toegepas deur te verwys na fisiese beelde in die onmiddellike omgewing van sy gehoor waarmee Hy assosiasies kon maak ter wille van groter duidelikheid en konneksie.

Só het Hy byvoorbeeld in sy bergpreek sy gehoor versoek om na voorbeelde uit die natuur te kyk – Hy doen dit spesifiek omdat Hy buite in die natuur met die skare besig was en hulle direk met sy voorbeelde gekonfronteer kon word. In Mat 6:26 sê Hy: “Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983).

In Mat 6:28 roep Jesus sy gehoor weereens op om na die voorbeeld van die natuur te kyk: “Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983).

Beide hierdie voor*beelde* wat Jesus gebruik, is sterk op die visuele gefokus en daarvan afhanklik om die punt wat Hy wil maak tuis te bring. Die kans was baie goed dat hierdie twee voorbeelde fisies binne die onmiddelike omgewing waarbinne Jesus en sy gehoor sit, visueel toeganklik was. Sy gehoor sou dus in direkte visuele kontak met hierdie voorbeelde kon kom terwyl Jesus dit fisies vir hulle midde in sy preek uitwys.

Uiteraard sal hier egter ook kennis geneem moet word van die gebreke en die beperkinge van die visuele medium. Smith verwys in hierdie opsig na uiters waardevolle navorsing wat gedoen is oor die wyse waarop die medium van die TV byvoorbeeld die aanbieding van godsdiens op die TV verander het (Smith 2006).

Nie alleen word die samelewing deur die medium gevorm nie, maar die medium vorm ook die wyse waarop ons boodskappe ontvang en inligting verwerk (Smith 2006). TV-prediking byvoorbeeld kon nie anders as om deur die medium gevorm te word deur ’n bepaalde vermaaklikheidsdimensie aan te neem nie.

Waar 20 jaar gelede nog geglo is, “The medium *is* the message” (Niemandt 2007:18; Barnard 2009:178; 193; Lischer 2005:27) het TV dit verander na “The medium *became* the message” (Smith 2006). Populêre media en kuns se geweldige krag lê gesetel in die magtige kommunikasiemedium wat ’n boodskap insigself ís (Romanowski 2007:18). Terwyl die kyker na die TV-program kyk, is die skerm

self besig om ’n boodskap op die onbewustelike neurologiese vlak oor te dra (Barnard 2009:178).

Hierdie uitspraak illustreer Smith deur sy gehoor se aandag op die vloer van die vertrek waar hulle byeen is te vestig terwyl hy egter met sy liggaamstaal op die dak fokus; die gehoor volg sy oë na die dak alhoewel hy gesê het dat hulle na die vloer moet kyk. Hiermee onderstreep hy hoe die verpakking die inhoud kan verdoesel (Smith 2006).

Natuurlik is die medium kragtig deel van die boodskap (Pagitt 2005:91), maar dit moet nooit die boodskap of teks forseer om iets te word wat dit nié is nie. Visuele media moet daarom altyd die teks se boodskap verhelder en insig daarin verhoog (Smith 2006). Inhoud in prediking kom áltyd voor aanbieding (Allen 2006).

Aldus Smith bly die inhoud van hedendaagse visuele prediking binne die genre van visuele kommunikasie uiters belangrik, aangesien die visuele aanbieding steeds getrou aan die teks moet bly en die grense van die visuele kommunikasie deur die inhoud en nié die verpakking bepaal moet word nie (Smith 2006; Johnston 2001:163).

Visuele kommunikasie reflekteer egter altyd steeds die teks. Daarom pleit Smith daarvoor dat daar eerder gesê moet word: “The medium is *a* message” (Smith 2006). Inderdaad bevat die medium ’n kragtige boodskap, maar dit is nie die enigste of noodwendig oorheersende boodskap van die visuele medium nie.

## 6.10 Samevatting

Vanuit die dualisme van die modernisme het ’n abnormale en ongesonde kloof tussen die ‘wêreldse’ dimensies en die ‘geestelike’ dimensies van die lewe ontstaan (Van Tonder 2001:49; vgl Niemandt 2007:73). ‘Wêrelds’ volgens die Skrif het egter ’n heel ander betekenis as die modernistiese dualisme se verstaan daarvan as aards, materieel, natuurlik, vleeslik of menslik (Potgieter 1995:217). Daarteenoor het die Skrif ook ’n ander verstaan van die term ‘geestelik’ as die modernistiese dualisme se verstaan daarvan as bo-aards, heilig, bonatuurlik, geestelik en Goddelik (Van Tonder 2001:51).

Skriftuurlik het die ‘wêreld’ spesifiek verwys na die bose struktuur wat in vyandskap met God verkeer en die goeie vir die doel van die bose aanwend. In Joh 12:31 beskryf Jesus dit dan ook in hierdie verband: “Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983; vgl Johnston 2001:79; Guthrie 1970:956).

Barret onderstreep dat die kosmos waarvan hier gepraat word, nie die totaliteit van die aardse skepping verteenwoordig nie, maar besonderlik die sondige menslike wêreld behels, eerder as die materiële en fisiese wêreld (Barret 1978:161). Hierdie wêreld waarna Jesus verwys, het betrekking op die opstandige mensheid wat in teenstelling met die gelowiges van God staan (Groenewald 1980:281).

Ook volgens 1 Kor 10:31 is die onskriftuurlike digotomie van die skeiding tussen geestelik en sekulêr nie meer haalbaar nie: “Of julle eet en of julle drink of wat julle ookal doen, doen alles tot eer van God” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983). Hierby het die Gereformeerde beginsel van ‘Coram Deo,’ ’n lewe voor die aangesig van God, goed aangesluit (Niemandt 2007:74). Die Bybel ken immers nie ’n onderskeiding tussen heilig en sekulêr nie (Niemandt 2007:73).

Alreeds binne die Ou Testamentiese Joodse verstaan van die lewe was daar net die twee werklikhede van die lewe: die heilige en die nog-nie-so-heilige (Niemandt 2007:78). Omdat Christus die oorwinning in hierdie wêreld behaal het en die Heilige Gees in die nuwe mens hier op aarde woonagtig is, het alles nou ’n geestelike karakter aangeneem (Van Tonder 2001:50). ’n Gelowige is daarom áltyd met geestelike dinge besig (Potgieter 1995:218; Bell 2007).

Hebreeus het glad nie eens ’n woord vir die ‘spirituele’ nie, omdat die Joodse godsdiens nie tussen gees en vlees onderskei het nie (Bell 2007). Alreeds in Genesis 2 waar die tweede variasie van die skeppingsverhaal opgeteken word, word die holisme van die menslikheid duidelik wanneer God aardse materie neem en lewe daarin blaas. Hiermee verbreek God alreeds die dualisme van die lewe in die kroon van sy eie skepping (Bell 2007).

Kuns is een van die baie beelde van die samelewing en nie insigself boos nie (Van Tonder 2001:50; vgl Pelkey 2005:80). Wanneer Kirgiss oor die kunste praat, verduidelik hy hoe mense selfs kuns wil verdeel in ‘Christelik’ en ‘nie-Christelik’ (Kirgiss 1997:21). “But it is the meaning of art that defines it. It’s possible to glorify God in everything we do” (Kirgiss 1997:21). Borgman som dit goed op: “God is in this world overruling distinctions between secular and Christian” (Borgman 1997:2).

Vir die liturg en die prediker impliseer dit dat, op dieselfde wyse as waarop die Joodse tradisie dit nog altyd geken het, ook selfs die populêre en visuele kunste doelbewus na God gerig moet word (Niemandt 2007:78). Gerigtheid op God beteken tog om dit in God se rigting te doen sodat Hy daardeur geëer word en die lig op Hom sal val (Niemandt 2007:78). Visuele kunste in die kerk was immers nog altyd ’n kommunikatiewe uitdrukkingsvorm van die mens se geloof in God (Beach 2004:148; Dankbaar 1974:51).

Visuele kuns se kragtige kommunikatiewe moontlikhede maak dit vandag steeds bruikbaar vir die verkondiging en aanbidding binne die ontmoetingsgebeure van die erediens (Jensen 2005:87). Min kommunikasievorme bied soveel potensiaal vir die verpakking van die menslike godsdienstige bewussyn en die emosionele vergestalting van die menslike psige soos die visuele kunste.

In die volgende hoofstuk van hierdie studie gaan daarom ’n poging aangewend word om op ’n praktiese wyse ondersoek te doen na hoe die prediker visuele uitbeelding sinvol binne die hedendaagse prediking kan gebruik. Praktiese riglyne vir die gebruik van beeld in die verskeidenheid van gestaltes sal dan ook hiervoor opgestel word. Hierdie hoofstuk dien as die besondere bydrae wat die betrokke studie tot die homiletiek as ’n praktykteorie in die vorm van riglyne maak.

Daarna sal in die slothoofstuk gekyk word na enkele konkrete voorbeelde uit die predikingspraktyk van hoe die opgestelde riglyne in ’n konkrete situasie toegepas kan word. Hierdie voorbeelde sal ’n verskeidenheid van beeldgestaltes en kommunikasietegnieke inkorporeer om uiteindelik die effektiewe kommunikasie van die evangelie aan die post-moderne visueelgedrewe en multi-sensoriese mens op konkrete wyse te illustreer.